

DIE ANIMISTIESE KARAKTER
VAN DIE ROMEINSE GOD JUPPITER

deur

PIETER THOMAS JANSEN VAN VUUREN

Akademiese verhandeling voorgelê
ter voldoening aan 'n deel van die vereistes
vir die graad

MAGISTER ARTIUM

in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte
aan die Potchefstroomse Universiteit
vir Christelike Hoër Onderwys

Potchefstroom

1974

Leier : Prof. W.N. Coetzee

Voorwoord

Daar is al baie boeke oor Juppiter geskryf. Hier is weer 'n beskeie bydrae oor die belangrikste en bekendste god van die Romeine. In hierdie studiestuk word die aandag veral op sy animistiese karakter toegespits. Daar is gepoog om al Juppiter se geestelike hoedanighede onder die soeklig te plaas en hom as 'n hoë en verantwoordelike godsbegrip uit te beeld. In hom vind 'n mens al die mooiste eienskappe wat die Romein in sy daaglikse lewe probeer nastreef het. Die invloed wat van Juppiter uitgegaan het, was omvangryk. Hy het steeds dié god gebly met wie almal rekening gehou het, ook die Romeinse keisers.

Erkentlikheid moet teenoor alle navorsers wie se name in die lys van sekondêre bronne vervat is, betoon word. Waardevolle inligting i.v.m. hierdie verhandeling is deur hulle verskaf. Die goedtoegeruste biblioteke van die Potchefstroomse Universiteit en van Unisa het onmisbare hulp verleen. Uitstaande fasiliteite het die studietaak veraangenaam. Hoog bokant Pretoria, ver van die rumoer van die stad snel die ure verby in Unisa se manjifieke biblioteek, 'n uitstaande navorsingsentrum wat sy ligging sowel as toerusting betref.

Van deurslaggewende betekenis was die ses maande studieverlof deur die T.O.D. vergun. Die welwillendheid van my skoolhoof, mnr. P.D.A. Roux, Floridase Hoërskool, word waardeur. Die deeglike grondleggingswerk van my eertydse Latynonderwyser, mnr. J.C. Mentz, Hoërskool Monument, word in dankbare herinnering geroep.

Die ondersteuning van my gesin, hulle konsiderasie en opoffering, my vrou se waardevolle hulp, bystand deur my ouers en susters verleen, was 'n riem onder die hart. Moeitevolle tikwerk deur mev. M. Kloppers gedoen, word grootliks waardeur.

Die vormingswerk deur my leier, prof. W.N. Coetzee, verrig, is 'n onvergeetlike ervaring. Besondere dank word aan hom betuig vir sy bekwame leiding. Sy optrede was steeds vriendelik, simpatek, ferm en

doelgerig. Die inspirasie wat van hom uitgegaan het, was 'n onmisbare spoorslag. Baie dankie.

My hoogste dank gaan aan my Skepper, God die HERE. Hy, die hemelse Vader, gee aan die mens die genadegawe van verstand en deursettingsvermoë. Hy is die Gewer van alle goeie gawes. Deur sy Seun Jesus Christus en deur sy Woord het Hy Homself aan die soekende mens geopenbaar as die ware God van hemel en aarde in wie ons siele rus kan vind. Aan Hom kom toe die lof en die danksegging van nou af tot in ewigheid.

Die skrywer.
Desember 1974.

DIE ANIMISTIESE KARAKTER
VAN DIE ROMEINSE GOD JUPPITER

INHOUDSOPGAWE

BLADSY

HOOFSTUK	I ...	HERKOMS, AGTERGROND, INVLOEDE ...	1
		1. Animistiese beskouing.	
		2. Juppiter en Zeus? Juppiter en Juno?	
		3. Kalender, ou dokument.	
		4. Herkoms.	
		5. Sy naam.	
		6. Assosiasie met lug.	
		7. Etruskiese invloed.	
		8. Griekse invloed.	
HOOFSTUK	II ..	MAG EN VERMOË	25
		1. Inleiding.	
		2. Hemelverskynsels.	
		3. Vader en koning.	
		4. Slot.	
HOOFSTUK	III ...	FEESGELEENTHEDE	39
		1. Inleiding.	
		2. Ferae Latinae.	
		3. God van voortdurende lig.	
		4. Juppiter Dapalis.	
		5. Terminalia.	
		6. Epulum Iovis.	
		7. Vinalia.	
		8. Spele.	
HOOFSTUK	IV ...	OP DIE KAPITOOLOO	54
		1. Inleiding.	
		2. Tempel van Juppiter Feretrius.	
		3. Titel Optimus Maximus.	
		4. Tempel en standbeeld.	
		5. Votum van die konsuls.	
		6. Juppiter Stator en Victor.	
		7. Triomferende generaal.	

HOOFSTUK V ... JUPPITER EN DIE FIDES-ASPEK 77

1. Die eed.
2. Drie flamines by Fides-tempel.
3. Die Flamen Dialis.
4. Die confarreatio-huwelik.
5. Die opneem van die toga virilis.

HOOFSTUK VI ... ALMAG EN ALOMTEENWOORDIGHEID 93

1. Inleiding.
2. Groot god van die keisers.
3. Groot genius en paterfamilias.
4. Stoïsynse beskouing van Juppiter.
5. Die fatum-beskouing en Juppiter.
6. Sedelike invloed van Juppiter op die mens.
7. Slot.

BIBLIOGRAFIE 109

H O O F S T U K I

HERKOMS, AGTERGROND, INVLOEDE

(Milieu van hierdie Studiestuk)

1. ANIMISTIESE BESKOUIING.

„Aan die voet van die Aventyn", sê Ovidius, „lê daar 'n woud, swart van die skadu van die steeneik, en as jy dit gesien het, sou jy kon sê daar is 'n godheid daarin."¹ Elders vestig hy weer die aandag op so 'n ontsagwekkende woud: „Stat vetus et densa praenubilus arbore lucus."² Dan beveel hy: „Aspice", en vervolg: „concedes numen inesse loco." Drie stadia vind ons telkens: die ervaring of belewing van die natuur, die waarneming daarvan, en let op die intensiteit van „aspice" waarin daar 'n element van verwondering oor die aanskoude opgesluit lê, en laastens die toegewing, die besef, die religieuse aanvoeling: daar is 'n god teenwoordig.

Uit die geestelike waarneming word die offerdaad gebore:-

Accipit ara preces votivae tura piorum,
ara per antiquas facta sine arte manus.³

-
1. Fasti iii.295-6: lucus Aventino suberat niger ilicis umbra, quo posses viso dicere numen inest.
 2. Freeman, Selections from Ovid, nr. 3.
 3. Ibid.

Slegs 'n eenvoudige altaar vertolk die gevoel van die vromes, die „piorum". „Pius" dui inderdaad die gesindheid van die vroegste Romein teenoor sy omwêreld aan. Vrcrom was sy houding en reaksie teenoor 'n wêreld om hom vol geestelike krag. Sy vertolking van sy religieuse gewaarwording was „sine arte", ongekunsteld, van animistiese aard. En hierdie ou, egte Romeinse gevoel, merk Bailey op, het, nieteenstaande hulle aangetrokkenheid tot die Griekse benadering, nie in die Augustynse digters gesterf nie.⁴ Die woord „numen" maak in beide Ovidius en Vergilius telkens hierdie ou gewaarwording wakker.⁵

Evander begelei Aeneas na die heuwel wat later die Kapitoel sou word. Vergilius verhaal soos volg:
iam tum religio pavidos terrebat agrestis
dira loci, iam tum silvam saxumque tremebant.
'hoc nemus, hunc', inquit 'frondoso vertice
collem (quis deus incertum est) habitat deus.'⁶

Weer eens vind ons die ervaring, die waarneming, die besef. „This is a magnificent sympathetic expression of the feeling of the old religion", sê Bailey van hierdie passasie.⁷

In sy hulde aan die fontein van Bandusia is dit weer Horatius wat aan hierdie animistiese aspek uit-
ing gee.⁸ Al sien hy die uiterlike verskyningsvorm

4. Phases in the religion of ancient Rome, p.133.

5. Cf. Ov. Fasti vi.291: nec tu aliud Vestam quam
vivam intellige flammam.

6. Aen. viii.349-352.

7. Religion in Vergil, p.70.

8. Carm.iii. 13.

van die fontein, skuil daar vir hom 'n onsigbare mag of gees, „animus“, daarin. Die wonder van die fontein met sy onuitputlike, borrelende waterskat is die manifestasie van die abstrakte geestelike mag of „numen“. En aan hierdie onsigbare krag voel die Romein die drang om sy hulde te bring: „'n Bokkie se rooi bloed sal jou koue strome kleur“, belowe Horatius sy fontein. Soet wyn en blomme word ook as verdienste genoem. In die „frigus amabile“, die lieflike koelheid wat die fontein bied, is daar 'n klank van dankbaarheid.

Die animistiese karaktertrek in die godsdiens van die Romein is iets besonder. Al is daar later 'n groot Fons-godheid asook 'n tempel en altaar in 230 v.C. aan hom, bly die ou animistiese neiging van 'n gees in elke fontein voortduur. Op die Fontinalia-fees van 13 Oktober word die fonteine bekrans. 'n Tempel plaas nie 'n beperking op die animistiese onbeperktheid van die Romeinse godsdiensbeoefening nie.

„He loves to recall the spirits of field and woodland and the many agricultural deities who played their part in the country festivals“, sê Bailey van Vergilius.⁹ As dit nie moontlik is om te beweer dat Vergilius in die bestaan van al hierdie ou gode geglo het nie, meen Bailey, „yet it may fairly be claimed that the sense of higher powers

9. Religion in Vergil, p.29.

behind the outward occurrences of life, which is the essential of an animistic religion, was to Vergil a vivid reality."

In aansluiting by hierdie beskouing wil ons die opvatting huldig dat Juppiter 'n geestelike mag is wat homself in die lewe van die Romein manifesteer. Hy is 'n god sonder mitologiese intriges. Hy het geen avonture of skandale op sy kerfstok nie. Hy het geen huweliksmaat nie; geen kinders nie; geen ander verwantskap nie; geen vriende of vyande nie.¹⁰ Want Romeinse Juppiter staan hoog bokant hierdie dinge verhewe, beperk tot geen tempel of ingekluis-ter in geen standbeeld nie.

2. JUPPITER EN ZEUS? JUPPITER EN JUNO?

Op die vraag of Juppiter die ekwivalent van Zeus is of maar net die Romeinse weergawe van 'n Griekse konsepsie meen ons dat die antwoord 'n besliste nee is. Die vraag is of daar dan geen verband of ooreenkoms tussen hierdie twee groot gode is nie. As antwoord kan gestel word dat die ooreenkoms strek net in soverre hulle bakermat dieselfde is, asook die domein van hulle heerskappy, naamlik die lug. Verder bly daar net groot verskil-le oor. Zeus het 'n mens geword. Juppiter het 'n god gebly, die groot geestelike krag

10. Ou Romeinse gode was nie getroud en het geen kinders gehad nie, sê Fowler, The religious experience of the Roman people, "and this is indeed the conclusion at which we have arrived after half a century or more of most careful and conscientious investigation by a series of German scholars" (p.148).

in die lewe van die Romein.

Wat suggereer Grenier met hierdie woorde: „But Latin Juppiter has nothing in common, at the beginning, with Hellenic Zeus“?¹¹ Het hy later iets gemeen gehad met Zeus? Waar lê die begin? Ver terug in die oerverlede (sien paragraaf 4). Ons is eerder van mening dat Juppiter in die begin iets in gemeen gehad het met Zeus - of altans Zeus met Juppiter. Die Grieke het hierdie hoë opvatting, vergestalt in Zeus, gaan vermeng met menslike gedagtes, dit afbring na die platvloerse vlak van die materiële mens, terwyl die Romein sy Juppitervergestalting van dieselfde hoë begrip behou het en vergeestelik het, nie-teenstaande die antropomorfistiese aanslae van die Grieke.

Die vraag ontstaan wat van die verhouding van Juppiter en Juno? Hulle staan tog saam in die groot drie-cellae-tempel van die Etruskers op die Kapitoel. Tog meen ons dat Juppiter alleen staan sonder 'n eggenote aan sy sy. Die on-Italiese idee van 'n huwelik word finaal deur Fowler verwerp. Wissowa huldig ook nou in die nuwe uitgawe van sy groot werk hierdie beskouing „...that Jupiter stands alone, without attachment to any female deity: that the old delusion that Jupiter and Juno were husband and wife must now be definitely abandoned as non-Italian.“¹²

11. The Roman spirit in religion, thought and art, p.90.

12. Roman ideas of deity, p.44; Cic., D.N.D. ll. xxviii: commenticios et fictos deos.

3. KALENDER, OU DOKUMENT.

Die ou Romeinse kalender van Numa dateer uit ongeveer die agste of sewende eeu v.C. Altheim maak dit 'n bietjie later, naamlik begin sesde eeu.¹³ In elk geval moet dit voor die oprigting van die Kapitoelse tempel in die jaar 509 v.C. wees, want geen melding word nog van Juppiter Optimus Maximus gemaak nie. Altheim wys daarop dat die jaartal 509 v.C. een van die paar sekere datums van die vroeë Romeinse godsdiens is.¹⁴

Hierdie antieke kalender is die vroegste, die oudste religieuse dokument. Hus meen dat dit Etruskies van oorsprong is.¹⁵ Ons moet ons egter met Fowler vereenselwig wat meen dat dit juis sonder Etruskiese invloed is.¹⁶ Die afwesigheid van die naam van Juppiter O.M. dui reeds hierop. Onder die gode wie se name met groot letters aangebring is, is daar nie een wat enige verband het met 'n on-Romeinse godheid nie. Van hierdie godename in groot letters geskryf, sê Fowler: „They bear witness beyond all question to their own antiquity.”¹⁷

13. A history of Roman religion, p.106.

14. Ibid.

15. Greek and Roman religion, p.107.

16. R.E., p.96.

17. Ibid.

En een van die grootlettername in hierdie gesaghebbende bron is Juppiter, die ou Italiese, Romeinse Juppiter.¹⁸ Sy naam verskyn ten minste eenkeer elke maand. Die volmaantye, die Idus van elke maand, is aan hom gewy. As god van die ligryke hemel is sy naam vry van enige Etruskiese invloed en sonder die kontaminasie van die Griekse mitologie.

Fowler noem hierdie ou kalender die grondplan van die vroeë Romeinse godsdiens en sê: „To this we must hold fast if we would obtain any true conception of the religion of the earliest Roman State.”¹⁹

4. HERKOMS.

Wil 'n mens Juppiter se bakermat vasstel en die diepste bron van sy herkoms peil, skyn dit byna of hy sedert menseheugenis bestaan. Baie skrywers is dit eens dat 'n mens hier te doen het met 'n moeilike navorsingsprobleem. „This early stage is in a sense theoretic and hard to detect or specify”, sê Bailey,²⁰ Dumezil wys daarop dat die manne wat Rome gestig het daar aangekom het met 'n aansienlike religieuse erfenis alreeds in hulle besit.²¹ Kritiese onderskeidingsvermoë is hier nodig, waar-sku De Lepper tereg.²²

18. Wissowa, de Feriis, p.1: „Hoc paene unum superest sincerum documentum” - Fowler, The Roman Festivals, p.19.

19. Ibid.

20. Phases, p. 111.

21. Archaic Roman religion, p.134.

22. De godsdienst der Romeinen, p.20.

Met versigtigheid wil ons dan saam met meeste skrywers tot die gevolgtrekking kom dat Juppiter uit die Indo-Germaanse of -Europese oerkultuur stam. Uit die verste verlede kom hierdie groot Romeinse god met beperkte of miskien eerder onontdekte funksies en word later verhoog deur plasing op die belangrikste heuwel, die Kapitoel. Juppiter het baie meer geword as slegs die politieke simbool van die grootsheid van die ewige stad Rome. Ons meen dat hy daarenteë vergestaltung geword het van 'n hoë en verantwoordelike godsbegrip.

Juppiter is verantwoordeliker as die Zeus-gods-begrip van die Grieke. In hierdie verband sê Bailey: „a common inheritance of both Greek and Italian stocks from their Indo-European ancestors.”²³ Dit is baie moeilik, sê hierdie skrywer verder, om die spoor terug te volg tot 'n periode waarin Juppiter waarlik 'n gees was in animistiese sin. I.v.m. die ontwikkeling van 'n „numen” in 'n „deus” sê Bailey dat dit onmoontlik is om die begin van hierdie verandering aan te dui. Hy meen dat dit 'n aanvang geneem het in die periode voordat die Italiaanse en Griekse rasse van hulle oorspronklike Indo-Europese stam geskei het. Naas hulle gesamentlike erfenis van die haardgodin, Hestia-Vesta, wat by geeneen 'n volwaardige godheid geword het nie, is daar die luggod, Zeus-Juppiter. Hy dra weer by beide volke die meer ontwikkelde karakter van 'n god.²⁴

23. Phases, p.68.

24. Id., p.110-111.

Ook Halliday wys daarop dat, alhoewel hulle nie in tempels vereer is of met beelde van menslike gestalte voorgestel is nie, Juppiter, Mars en Quirinus alreeds goddelike persoonlikhede is as ons die eerste keer van hulle hoor.²⁵

„The most ancient structure that we touch on”, sê Dumezil van hierdie pre-Kapitoelse drietal.²⁶ Ons sien hulle as die opper-trias van die ou, ongeskonde Romeinse godsdiens: Mars van die Palatynse, Quirinus van die Quirinaalse nedersetting en Juppiter, beide se erfenis.²⁷ Die gesamentlike besit van Juppiter en sy universaliteit is opvallend; so ook die jaarlikse besoek van hierdie drietal se flamines aan die Fides-tempel op die Kapitoel. Dumezil is van mening dat die offerdaad van die priesters egter ouer is as die tempel, en neem 'n mens Halliday se opmerking in aanmerking moet daar met Dumezil saamgestem word.

Dit is dan duidelik dat ons in Juppiter een van die oudste Indo-Germaanse gode vind.²⁸ Verder moet ons die volgende aanvoer: dat die oudste godsdiens van Rome reeds 'n saamgestelde een was; dat die oorspronklike idees nie so radikaal verander het soos in die geval van die Grieke nie; dat die Latyners baie van die Indo-Europese organisasie bewaar het.²⁹

25. Lectures on the history of Roman religion, p.96.

26. Op. cit., p.135.

27. Cf. Bailey, Phases, p.70.

28. Altheim, op. cit., p.143.

29. Hus, op. cit., p.99

Juppiter se bestaan kan nie tot 'n vroeër tydperk nagespeur word as die vestiging van die Latynse volk (die Latini) in Latium waar sy tuiste die Albaanse heuwel was en, om Fowler se woorde te gebruik, „where he must have long reigned over the Latin tribes in a temple not made of hands, before the Etruscans came and built him a temple of stone”.³⁰ In 1000 v.C. arriveer die Indo-Europese stam van die Latini vanuit die Po-gebied en vestig hulle naby die monding van die Tiberrivier. Hulle vorm die kern van die bevolking van die groot stad wat eeue later daar sou verrys. Hier kry hulle te doen met volkselemente van 'n ander aard en kultuur, en ontmoet nie-Indo-Europese volke. Dit is moeilik om laasgenoemde se invloed op die Latini te bepaal.³¹ Sterk invloed gaan egter op hulle uit van 'n volk wat hulle kort na die Latini hier kom vestig, naamlik die Etruskers.

Die Latyners beset die Albaanse berge en het miskien ook 'n dorp op die Palatyn gehad, meen Leopold.³² Die Sabyners, 'n nie-Indo-Europese groep, is die oorspronklike bestanddeel van Rome se bevolking, voer hierdie geleerde aan. Hulle was veetelers wat verspreid op die berge gewoon het. I.v.m. sy teorie van 'n samesmelting tussen Latyners en Sabyners sê Leopold: „Het blijkt dat doorgaans de Sabijnsche termen absoluut onverklaarbaar zijn uit de Indo-Germaansche talen, terwyl die Latijnsche helder zijn als glas.”³³ De Lepper stem nie

30. Roman ideas of deity, p. 37.

31. De Lepper, op. cit., p.13.

32. De ontwikkeling van het heidendom in Rome, p.4-5

33. Ibid.

hiermee saam nie en meen dat so 'n onderskeiding tussen Latynse en Sabynse elemente in die oudste godsdiens nie voldoende verantwoord is nie.³⁴ Tog erken hy dat die onsekerheid nog groot is.³⁵

Hoe dit ookal sy: daar kan vasgestel word dat tot die oorspronklike bestanddele van die Romeinse godsdiens die geloof in 'n hoër wese van algemene betekenis behoort, die oorsaak van natuurverskynsels soos lig, bliksem en donder. Graag wil ons met 'n aanhaling van Bailey afsluit: „The history of syncretism and the monotheistic tendency in relation to the male god is historically longer, more complicated and less definite. For it was not the outcome of a deliberate claim put forward by a single cult, but the result of the union of several streams of thought....”³⁶

5. SY NAAM.

Wissowa merk tereg op: „Selten gibt schon der Name eines Gottes so klare und erschöpfende Auskunft über die ursprüngliche Natur derselben, wie es bei Juppiter der Fall ist.”³⁷ „Its formation is obvious, and no one contests its Indo-European origin”, sê Dumezil van Juppiter se naam.³⁸

God van die stralende hemel - dit was Juppiter vir die Romeine gewees. Daarvoor staan sy naam. Die eerste lid, „di” of „div”, is dieselfde wortel van Indogermaanse herkoms wat ook ten grondslag lê aan

34. Op. cit., p.26.

35. Id., p.30.

36. Phases, p.258-259.

37. Religion und Kultus der Römer, p.100.

38. Op. cit., p.176.

die naam van Griekse Zeus en Indiese Dyaus, en „ligtend“, „stralend“ of „glansend“ beteken.³⁹ Etimologies is die eerste deel van Juppiter se naam dus ekwivalent aan die name van ander gode wat dui op die gesamentlike bron van afstamming. Altheim wys daarop dat dieselfde wortel ook in 'n ietwat gewysigde vorm in die Etruskiese godenaam Tinia verskyn, asook in verskeie aanduidings van die luggod in die pre-Griekse godsdienste van Klein-Asië.⁴⁰

God met die helder lug asook lig van die dag in sy naam - dit is Juppiter. „Diespiter“ of „Dieupater“, ouer vorms, beteken dan eintlik „Dag-vader“, vader van die helder dag, vader van die lig. Dit bring ons by die tweede samestellende bestanddeel van Juppiter se naam: „pater“, vader. De Lepper vestig ons aandag daarop dat „vader“ slegs in Juppiter se naam voorkom.⁴¹ Dit vorm nie slegs 'n integrale deel van sy naam nie, maar ook van sy wese: vader, oorsprong van alles. Hierdie konnotasie van sy naam het inderdaad 'n teer snaar aangeroeer as 'n mens dink aan die ryke inhoud wat die woord „pater“ vir die Romein met sy sterk familie-instink ingehou het.⁴²

Dit blyk dus uit die samestelling van Juppiter se naam dat die figuur van die hemelvader oud en oor-

39. De Lepper, op. cit., p.75; Altheim, op cit., p.144; Roscher, Ausführliches Lexikon, 11, 1, kol.619; Rose, Ancient Roman religion, p.26.

40. Op. cit., p.144.

41. Op. cit., p. 61.

42. De Lepper, op. cit., p.79; Fowler, R.E., p.157.

spronklik is, vol krag en majesteit. Juppiter se naam gee uitdrukking aan sy wese: vol lig, 'n vader. Lig, bron van lewe en sekuriteit. Vader, figuur, simbool van oorsprong, beskerming en sekuriteit.

6. ASSOSIASIE MET LUG.

Juppiter is by uitstek die god van die ligryke hemel met al sy wonders soos die reën, weerlig en donder. Vir Cicero is die hemel self 'n aanduiding van 'n goddelike mag. In sy uitleg van die Stoïsynse leer vra hy: „Quid enim potest esse tam apertum tamque perspicuum, cum caelum suspeximus caelestiaque contemplati sumus, quam esse aliquod numen praestantissimae mentis quo haec regantur?“⁴³ Hy haal ook Ennius aan: „Aspice hoc sublime candens, quem invocant omnes Iovem.“⁴⁴ Weer eens vind ons die animistiese inslag, naamlik die intense waarneming gevolg deur die geestelike aanvoeling. „Sublime“ beteken die „hoë“, die „verhewene“, die „grootse“. Om blinkend wit te wees, is die betekenis van „candeo“. Inderdaad was Juppiter die vergeesteliking en die geestelike gestalte van 'n hoë, verhewe en grootse religieuse begrip. Omvangryke begrip was hy, net so wyd en alomwelwend soos die lug. Vergilius noem hom „rex aetheris altus.“⁴⁵

Grant haal 'n mooi fragment van Euripides aan: „Jy sien die onmeetlike eter omhoog strek wat die

43. De Natura Deorum, ll. ii.

44. Ibidem, fragment 351.

45. Aeneïas, xii, 140.

aarde in 'n sagte omarming omhels; beskou hom (die eter) as die hoogste god, beskou hom sekerlik as Jupiter" - "hunc perhibeto Iovem."⁴⁶ Let op die wetsimperatief „perhibeto" en die krag van die „per". „Juppiter ist die Verkörperung des Himmels", sê Aust.⁴⁷

Juppiter se domein is inderdaad wyd, „inmoderatum" - oneindig. Hy is die enigste hemelgod wat hier heerskappy voer. Beperk is hy egter nie tot die lugruim nie, want hy laat sy invloed ook op die aarde geld. Sy seënninge daal op die aarde neer. Die mens is altyd en oral bewus van hom, sê Cicero, want hy, die mens, is so geskape, „celsos et erectos", verhewe, fier en regop met een doel: „ut deorum cognitionem caelum intuentes capere possent"; nie om slegs inwoners en bewoners van die aarde te wees nie, maar as 't ware beskouers daarvandaan van die hoë en hemelse dinge, „quasi spectatores superarum rerum atque caelestium."⁴⁸

Die wonderwêreld van die lug het die Romein met sy animistiese aanvoeling inderdaad aangegryp. Ferguson stel dit so: „The brilliance of the overarching sky, its changeableness, its power manifested in thunder and lightning, its contribution to life in the form of rain, all combine to associate the sky

46. Ancient Roman religion, p.124, fragm. 836; Cicero, D.N.D., ll, xxv: vides sublimē fūsum inmoderatum aethera, qui terram tenero circumiectu amplectitur: hunc summum habeto divum, hunc perhibeto Iovem.

47. Die Religion der Römer, p. 119.

48. D.N.D., ll, lvi - lvii.

with potent divinity."⁴⁹ Die potensie agter hierdie manifestasies van die lug- en dit het die Romeine besef - was Juppiter gewees. En vir hom het hulle altyd 'n groot ontsag gehad. Cook handel ook in sy uitvoerige werk oor Zeus (- hy stel Zeus en Juppiter gelyk) oor die uitwerking van die lug op die antieke mens: „It cheered them with its steady sunshine. It scared them with its flickering fires. It fanned their cheeks with cool breezes, or set all knees a - tremble with reverberating thunder."⁵⁰

7. ETRUSKIESE INVLOED.

'n Paar keer is daar nou al verwys na die Grieke en die Etruskers. In hierdie laaste twee punte wil ons kortliks handel oor die moontlike invloed van die Etruskers en die Grieke op die Romeinse godsdiens en in besonder op die Juppiter-figuur. Maar aangesien hierdie werk oor die Romeinse god Juppiter en veral 'n animistiese beskouing van hom handel, sal daar hoegenaamd nie breedvoerig oor hierdie twee volke uitgewei word nie. Alhoewel beide die Grieke sowel as die Etruskers twee merkwaardige groepe was, is ons egter van mening dat hulle invloed op die Juppiter-gestalte se ontwikkeling eensins heilsaam was nie, maar eerder afbrekend.

Gedurende die agste eeu v.C. beset die Etruskers die gebied noord van Latium tussen die Po- en Tiber-riviere. De Lepper noem hulle 'n klein maar superieure minderheid.⁵¹ Hulle presiese herkoms bly steeds

49. The religions of the Roman empire, p.32.

50. Zeus, a study in ancient religion, Vol.1, p.9.

51. Op. cit., p.13.

in geheimsinnigheid gehul en baie van hulle geskrifte kan nog nie ontsyfer word nie. Dit is egter seker dat hulle nie tot die Indo-Europese familie gereken kan word nie.⁵² Dit word aangeneem dat hulle uit Klein-Asië afkomstig is.⁵³ Hulle verkry in die loop van die sewende eeu v.C. die oorhand oor die Latyners (Latium), maar word op hulle beurt weer in die vierde eeu v.C. deur die Romeine oorwin.

In Asië kom die Etruskers in noue aanraking met Grieke. By hierdie Asiatiese Grieke leer hulle om die gode in menslike vorm te aanbid, tempels en standbeelde vir hulle op te rig. Dit word antropomorfisme genoem, 'n vermensliking van die gode. Bloch wys daarop dat die Etruskers 'n oorspronklike volk was. „Its originality is most evident in the sphere of religion“, sê hy.⁵⁴ Aangaande hulle rol as medium tussen Griekeland en Rome sê hy: „But historically speaking, Etruria was essentially an intermediate which assimilated Hellenic creations with disconcerting facility and transmitted them to neighbouring peoples.“⁵⁵

Die Etruskers se eie invloed was minimaal, aangesien hulle beskouings grootliks van dié van die Latyners en later die Romeine verskil het. Die Hellenisme wat hulle oorgedra het, was makliker om te verstaan. So kan aangeneem word dat die Etruskiese element in die godsdiens van die Romeine gering is. Hulle teologiese denkrigting kon nie strook met die godsdienstige uitkyk van die Romeine nie.⁵⁶ Hus

52. Cf. Bloch, *The origins of Rome*, p.35.

53. Bloch, *id.*, p.34, verwys na Herodotus 1, 94.

54. *Id.*, p.35. 55. *Ibid.* 56. Bloch, *id.*, p.146.

kom tot dieselfde gevolgtrekking: „Generally speaking, the Romans proved to be resistant to Etruscan influences.”⁵⁷ Rose se uitspraak is belangrik: „On the whole, however, Etruscan influence upon Rome was superficial, touching several externals of the native religion but leaving its fundamental character, so far as we can judge, unaltered.”⁵⁸ Kan dit ook van die Griekse invloed gesê word, naamlik dat dit slegs 'n dun lagie vernis was?; dat die fundamentele karakter van die Romeinse godsdiens en veral van Juppiter ongeskonde gebly het? Ons meen inderdaad so.

Gedurende die konklike tydperk het Rome vir baie jare onder Etruskiese heerskappy gestaan. Gedurende hierdie tyd is die ou Indo-Europese drietal Juppiter, Mars en Quirinus deur die nuwe Etruskiese triade Juppiter, Juno en Minerva oorskadu. Die onvervangbaarheid van Juppiter is opsigtelik. Die oorspronklike Etruskiese drietal is eintlik Tinia, Uni en Menvra. Tinia besit dieselfde hoedanighede as Zeus en Juppiter : god van die lug, weerlig en storm - soos die Oosterse berggode en soos die Indo-Europese luggod. Hus stel dit so: „Under imported anthropomorphism was thus hidden a conception, radically different from that of the Greeks, of an omnipresent divinity, mysterious and fearful, flooding through all nature”.⁵⁹ So 'n opvatting, sê Hus, is nie ver van die Romeinse numen-gedagte nie: „In its primitive form at least

57. Op. cit., p. 98.

58. Ancient Roman religion, p.90.

59. Op. cit., p. 93.

it was thus probably rather Italian than Etruscan."⁶⁰

Juppiter het egter nie Tinia geword nie, net so min as wat hy Zeus geword het. Daar is slegs aansluiting gevind by Juppiter. Maar ons is van mening dat deur hierdie daad, naamlik om Juppiter teen die einde van die sesde eeu v.C. in 'n groot tempel op die Kapitoel te plaas, Rome se belangrikste heuwel, die Romeinse se aandag opnuut en pertinent op hierdie groot god van hulle gevestig is.

8. GRIEKSE INVLOED.

Die eintlike bron van beïnvloeding lê by Griekeland. Eers het hierdie donker fontein slegs drupelsgewys deurgesyfer om later sterker te vloei en sy besmette stroom in die helder vleiwater van Rome te stort. Fowler noem die invloed van die Griekse mitologie en literatuur op die Romeinse godsdiens „disintegrating acids."⁶¹ Bailey laat die vraag in ons midde of Rome ooit ten volle antropomorfisties in sy godsdiens sou geword het, as dit nie was vir hulle kontak met Griekeland, eers indirek en later direk nie.⁶²

Indirekte invloed, soos reeds gesien, het via die Etruskers gekom. Sedert die negende eeu het Griekse handelaars gereeld die Italiaanse kuste besoek en weldra het hierdie handelstasies kolonies begin word, Hellenistiese sentra vanaf Apulia tot Cumae.⁶³ Altheim wys daarop dat die Griekse element baie

60. Ibid.

61. Roman ideas of deity, p.30.

62. Phases, p. 112.

63. Hus, op.cit., p.89.

vroeg in Italië aanwesig is, „from the beginning a formative element.”⁶⁴ Hierdie skrywer skyn simpatiek gesind te wees teenoor die Griekse invloed: „The apparently foreign world of Greek has the power to awaken in the people, by which it is received, the slumbering national forces, and liberate them for the formation of a culture, which takes its form from the inter-penetration of native and adopted (i.e. Greek) elements.”⁶⁵ 'n Minder gematigde en simpatieke uitspraak is dié van Grenier: „He (Juppiter) was not a supreme god to whom the others were subordinate. Only Hellenism gave him omnipotence.”⁶⁶

Ons moet weer eens met Altheim saamstem dat Griekeland ook, betreffende Juppiter, die sluimerende gevoel by die Romein aangaande hierdie god se grootheid aangewakker het; dat hulle die Romein se oog gevestig het, skerper gefokus het op die uitstaande majesteit van Juppiter. Na hierdie aspek wil ons terugkeer in 'n latere hoofstuk (Op die Kapitoel).

Die antropomorfisme van die Grieke kom veral tot uiting in twee vorme: die tempel en die standbeeld. „This form of corruption”, noem Bailey laasgenoemde.⁶⁷ Parallel met die anti-mitologiese tendens was daar 'n soortgelyke gevoel in die Romeinse mentaliteit teen beelde van gode.⁶⁸ Volgens Varro het die ou Romeine die gode vir meer as eenhonderd-en-sewentig jaar sonder beelde aanbid. Deur die invoering van beelddiens, sê hy, is ontsag vir die gode ingeboet en dwaling

64. Op. cit., p.221.

65. Op. cit., p.157.

66. Op. cit., p.87.

67. Phases, p.117.

68. Kerenyi, op. cit., p.222.

toegevoeg, „metum dempsisse et errorem addidisse.“⁶⁹ Bailey verwys ook na Varro en sê dat die gode nader gebring is aan die mens, maar dat sy respek vir hulle gedaal het, sy omgang met hulle familiêr geword het, die wye mag van die godheid stereotiep gemaak en vereng is.⁷⁰

Maar of dit die geval met Juppiter was, val sterk te betwyfel, naamlik of hy ooit stereotiep geword het en sy mag vereng is.

Teenoor tempel en beeld is dit weer Altheim wat simpatiek gesind is en diepere motiewe probeer vind. Volmaakter Griekse vorme gee uitdrukking aan 'n konsepsie wat alreeds bestaan en bekend is aan almal - „with more vividness and fullness than before.“⁷¹ En hierdie aanvaarding van die volmaakter Griekse vorme geskied sonder die gevoel dat iets ingeboet is, meen Altheim. Die grootse en verhewe menslike liggaam word gekies om uitbeelding aan die god te gee: „That body alone was for the future worthy to be the vessel of the godhead.“⁷² En in die godheid herken die mens homself as 'n ewigheidsfiguur.⁷³ Die mens se huis word tot die monumentale vlak verhef as dit die kultusgebou word.⁷⁴ Altheim sê dat die mens daarvan oortuig was dat die god in hom sy rykste openbaring gevind het.⁷⁵

69. Augustinus, De civitate Dei, iv.31.

70. Phases, p.133.

71. Op. cit., p.125.

72. Id., p.231.

73. Id., p.228.

74. Ibid.

75. Id., p.471.

Op die oog af skyn dit prysenswaardig te wees om die godheid te wil vereer deur aan hom die uiterlike verskyningsgestalte van die mens te gee en onderdak in 'n menslike woning te verskaf. Dit lyk inderdaad soos 'n mooi gebaar van die kant van die mens om die god so met tempel en beeld te wil vereer - as dit die bedoeling van die antieke mens was. Maar as die mens homself wou verhoog en die lig van verheerliking op hom wou laat val deur sy liggaam en woning aan die god te koppel, verkrummel sy ideaal van verering en stort dit in duie - wat volgens ons mening die resultaat van hierdie antropomorfistiese godsdiens was.

In plaas daarvan om die god te verhoog, is hy deur antropomorfisme verneder. Want die mens aan wie die god nou gelykgestel word, is beperk en vol gebreke. Hy moet eet om aan die lewe te bly. 'n Woning moet hom beskerm teen hitte en koue en gevare van die nag. Gebrekkig is hy in sy getrouheid en regverdigheid. „It is only under the influence of art”, sê Altheim, „that it is possible to neglect all individual accidents and set over against the natural creation a purified and spiritualized one, which can comprehend the scattered beauties in one single shape.”⁷⁶ Ons is daarentoë van mening dat as gevolg van die antropomorfistiese behandeling van die godheid, nieteenstaande die kunstigheid daarvan, die hoë geestelikheid van die god in skerwe gespat het.

Was dit ook die geval met Juppiter? Op 'n

76. Id., p.232.

paar plekke het ons al daarop gesinspeel dat ons nie so dink nie. Laat ons eers kortliks let op hierdie vernederingsproses soos afgespeel in die letterkunde wat vanuit Griekeland na Rome oorgewaaï het.

Wat was die invloed van hierdie Griekse versiering en materialisering van die godsdiens op die Romein? Fowler stel dit so: „It drew away the mind of the simple and wondering Roman from the task of developing his religious ideas in his own way.”⁷⁷ Halliday waarsku dat die verhale aangaande gode soos deur Vergilius en Ovidius asook andere vertel Grieks-gekleurd is.⁷⁸ Ovidius is selfs ligsinnig in sy aanbieding van die legendes oor die gode en hulle liefdeslewe, sê Bailey; tog skemer daar steeds onder hierdie Griekse bolaag die egte Romeinse gevoel as seëvierende botoon deur.⁷⁹

As Griekse poësie en veral die drama op Romeinse bodem oorgeplant word, geskied dit nie, sê Fowler, „without subordinating the old reasonable idea of the

77. The Roman Festivals, p.348. Cf. ook R.E., p.148: „...the elaborate decorations of the Greek artists, who seized upon everything that came to hand, including the old deities themselves, to amuse themselves and win the admiration of their dull pupils at Rome.”; Roman ideas of deity, p. 12: dat die Romein geleer is om die godsbegrip met absurditeit en immoraliteit te assosieer.

78. Op. cit., p. 17-18.

79. Phases, p.132.

Power manifesting itself in the universe to the Greek fancy for clothing that Power in the human form and endowing it with human faults and frailties."⁸⁰ Hy sonder veral Ennius en Plautus uit as sondebokke wat die onkundige, of eerder ongekunstelde, Romein geleer het om nie alleen onverskillig teenoor sy gode te staan nie, maar selfs vir hulle te lag. Ennius is die vertaler van die Heilige Geskiedenis van Euhemerus waarin die leer van die menslike oorsprong van alle gode vervat is. In Plautus se Amphitruo, 'n uiters amusante komedie, is Juppiter en Mercurius onder die dramatis personae. „It must have been oddly astonishing to its first Roman audience“, sê Bailey van hierdie toneelstuk.⁸¹ Fowler beskryf hierdie Romeinse gehoor so: „largely consisting of semi-educated men who had lost faith in their own religion.“⁸²

Altheim meen dat Rome tog sy eie stempel op al die leengoedere geplaas het; dat die spesifieke Italiaanse element veral in die vormgewing gesoek moet word. Die spesifieke vorm is die produk van eie inisiatief.⁸³ „De zinnelijke fabeltjes der Grieken werden door de Romeinen op arm-afstand gehouden“, sê Leopold.⁸⁴ En dit het die Romeine nie aan visuele verbeelding ontbreek nie; die vermoë om die god met die geestelike oog te sien. „The old Roman invisible numen was a far nobler mental conception than the miserable images of Graeco-Roman full-blown gods and goddesses, reclining on

80. R.E., p. 351.

81. Phases, p. 130.

82. R.E., p. 351.

83. Op. cit., p. 171 en 221.

84. Op. cit., p. 29.

their coaches, and appearing to partake of dinner like a human citizen", stip Fowler aan.⁸⁵

De Lepper meen dat die Griekse mitologie nie weinig bygedra het tot die ontluistering van Jupiter se waardigheid nie.⁸⁶ Miskien dink hy aan Zeus. Op laasgenoemde is hierdie stelling eerder van toepassing asook op ander Romeinse gode. Ons meen dat Juppiter die uitsondering is en moet ten slotte met Fowler saamstem as hy so 'n vergelyking tussen die antropomorfistiese gode van Rome en Jupiter tref: „They have all become the scorn of Lucretius, and they are destined to be the sport of Propertius and Ovid. One of them, however, seems to stand high above all the rest, and survives as apparently in some degree a real religious force.”⁸⁷

85. R.E., p. 264.

86. Op. cit., p. 85.

87. Roman ideas of deity, p. 30.

H O O F S T U K I I

M A G E N V E R M O Ë

1. I N L E I D I N G.

Waarin was Juppiter se mag geleë? Was dit beperk tot die hemelruim? Vergilius noem hom „Juppiter omnipotens” - die almagtige Juppiter.¹ Van al die gode word slegs hy so genoem. 'n Moderne skrywer soos Grenier gee die teendeel te kenne: „He was never anything but a god like the others, acting, like them, within a strictly defined sphere.”² Hy was nie 'n oppergod aan wie die ander gode ondergeskik was nie; aan die Hellenisme het hy sy älmag te danke, meen genoemde skrywer. Tog erken hy 'n bietjie verder: „He is manifold, and is divided into as many persons as functions.”³ Dit is nader aan ons eie mening, naamlik dat Juppiter se invloedssfeer animisties en onbeperk was. Raak som Fowler dit op: „The numen of Juppiter seems to invade or qualify that of other deities.”⁴ „Hoeveel vreemde goden moesten zich de naam Juppiter niet laten welgevallen?”, vra De Lepper.⁵

'n Geestelike mag soos dié van Juppiter het 'n verreikende omvang gehad. Sy teenwoordigheid word aangevoel nie slegs in sy tempel of by sy beeld nie, maar „alles is vol van Juppiter”, sê Vergilius.⁶ Op baie maniere manifesteer hy hom soos gaandeweg gesien

1. Aen. ix. 625, bv.

2. The Roman spirit, p. 87.

3. Id., p. 90.

4. Sandys, Companion to Latin studies, p. 164.

5. De godsdienst der Romeinen, p.17.

6. Ecl. iii.60: „Iovis omnia plena.”

sal word, nie alleen in die weerligstraal nie maar ook in die oorwinning oor die vyand. „A name for something far greater than a common god“, sê Fowler van Juppiter.⁷ In 'n ander werk van hom sê dieselfde skrywer dat Juppiter Optimus Maximus nouliks deur ruimte of seisoen aan bande skyn gelê te word.⁸ „'n Bondige formulering van die soewereine majesteit van Juppiter“, is De Lepper se kommentaar op bogenoemde driedubbele naam van die god.⁹ Kyk 'n mens na die ou kalender, weerspieël dit dieselfde onbepaalde verering. Juppiter is nie soos die ander gode tot 'n bepaalde seisoen beperk nie, maar dwarsdeur die jaar word hy vereer.

Daar is twee-en-sestig Juppiter-name in Wissowa se indeks.¹⁰ Die lys byname in Roscher se leksikon reik tot eenhonderd-en-twaalf.¹¹ Dit is inderdaad 'n uitvoerige werk met 'n uitvoerige lys Juppiter-name wat vir ons die feit beklemtoon van sy veelomvattende invloedseer. Hus weet nie van Roscher se lang lys nie, wel van Wissowa s'n. Tog sê hy wanneer hy oor die baie verskillende epitetas van die gode handel en spesiaal na Juppiter s'n verwys: „And the same was true of all the gods.“¹² Wat nie waar is nie, is

7. Roman ideas of deity, p.145.

8. Id., Religious experience, p.238.

9. Op. cit., p.74.

10. Religion und Kultus der Römer.

11. Ausführliches Lexikon der griechischen und römischen Mythologie.

12. Greek and Roman religion, p.105.

die feit dat hulle beslis nie so 'n wye veld gedek het as Juppiter nie. Hy is die uistaande god wat hom oral laat geld het. „God passes through all lands, all tracts of sea and the depths of the sky”, lui Ogilvie se vertaling van Vergilius.¹³

2. HEMELVERSKYNSELS.

Juppiter is veral beskou as 'n wese wat hom in die hemelverskynsels geopenbaar het. Hy moenie slegs gesien word as 'n persoonifikasie van die hemelgewelf nie, maar as 'n skepper wat iets voortbring. As die digters die hemel met die naam van die hemelgod aandui, is dit slegs poëtiese spraak.¹⁴ In die behandeling van sy vraag vanwaar al die goeie gawes kom, gebruik Seneca die beeld van 'n fontein, „beneg-nissimus fons.”¹⁵ Hieruit vloei weldaad op weldaad die mens toe. As die antwoord op sy vraag die natuur is, vra Seneca 'n wedervraag, retories gestel: „Quid enim aliud est natura quam deus et divina ratio toti mundo partibusque eius inserta?”¹⁶ God en natuur is identies.¹⁷ Sy goddelike wese is in die ganse skepping vervleg.¹⁸ Uiteindelik kom

13. The Romans and their gods, p. 19, Georg.iv. 221-222: deum namque ire per omnes terrasque tractusque maris caelumque profundum.

14. De Lepper, op. cit., p. 82.

15. De Beneficiis iv.8.

16. Ibid.

17. Ibid. Nec natura sine deo est, nec deus sine natura.

18. Ibid. Quocumque te flexeris, ibi illum videbis occurrentem tibi.

Seneca uit by die naam van die gewer van al die goeie gawes: Juppiter Optimus Maximus.

Aust praat ook van 'n bron: „Juppiter ist die Verkörperung des Himmels als der Quelle des lebenerzeugenden, segenspendenden Lichtes“.¹⁹ Juppiter is dus die bron van leweverwekkende, seënskenkende lig. Hy is skepper van die lig en die Salii sing van hom as Lucetius, sê Macrobius.²⁰ Juppiter se ander hemelvermoeëns word deur Ennius in 'n enkele sin aangedui. Varro haal dit aan.²¹ Die wind en die wolke en die reën is die tekens van Juppiter se mag. Met vrugbaarheid word hy in verband gebring. 'n Versreël of twee uit Ovidius dui hierop waar dragtige koeie geoffer word ter bevordering van die vrugbaarheid van die gewasse.²²

As Vergilius van Juppiter se aangesig praat, voeg hy by: „waarmee hy die hemel laat opklaar en die storms laat bedaar.“²³ Oor hierdie magte is

19. Die Religion der Römer, p.119.

20. Sat. 1.15,14: nam cum Iovem accipiamus lucis auctorem, unde et Lucetium Salii in carminibus canunt.

21. De lingua Latina v.64-66: Iste est is Iupiter quem dico, quem Graeci vocant aera, qui ventus est et nubes, imber postea, atque ex imbre grigus, ventus post fit, aere denuo.

22. Fastiv. 635-636: pars cadit arce Iovis; ter denas curia vacca accipit, et largo sparsa cruore madet.

23. Aen. 1.255: vultu, quo caelum tempestatesque serenat.

Juppiter meester. Die lug met sy gedurige kragdemonstrasies het die vroeë Romein grootliks beïndruk. Vir hom was hierdie grootse sfeer ryk aan numen. Rose wys op die skouspel van 'n hewige Italiaanse donderstorm.²⁴ Weerlig het by uitstek die geweldige krag van hierdie god getoon. En in die vuurklip het die Romein 'n spoor van sy krag gevind. Juppiter Lapis gee aan die begrip gestalte. Grenier stel dit goed: „Since the divine was conceived as a mysterious force spread all through nature, there was no reason why it should not reside in material objects or animals.”²⁵

In klank en inhoud vind 'n mens 'n kragtige reël by Ovidius: „Ecce deum genitor rutilas per nubila flammis spargit et effusis aethera siccat aquis.”²⁶ Die taal van die digter moet die vermoëns van die god probeer demonstreer, die geelrooi vlamme deur die wolke slinger, die reën uitgiet, totdat die lug leeg is. Vergilius vergelyk die weerligstraal met 'n werpwapen.²⁷ Dit verskrik mense en gode.²⁸ Dit straf die goddelose.²⁹ Dumezil meen dat die Lecetius-epiteton eerder hierdie weerligflits as die lig-aspek van die god aandui.³⁰ In die begin is Juppiter in

24. Ancient Roman religion, p.25-26.

25. Op. cit., p. 93.

26. Fasti iii. 285.

27. Aen. vi.592: at pater omnipotens densa inter nubila telum contorsit.

28. Aen. 1.230.

29. Aen. vii. 772-773.

30. Archaic Roman religion, p.178.

hierdie verband by 'n ou eik op die Kapitool as Fere-
trius vereer en later as Fulgur in 'n heiligdom op
die Marsveld. Die eikeboom is waarskynlik met die god
van weerlig geassosieer, omdat dit geneig is om weer-
lig te trek. Augustus spring 'n weerligdood vry en
uit erkentlikheid wy hy op 1 September 22 v.C. 'n
tempel op die Kapitool aan Juppiter Tonans.³¹

Maar weerlig is ook die herout van die reën,
daardie groot gawe van Juppiter. Die eeufeeslied
van Horatius, die Carmen Saeculare van 17 v.C., is
nie alleen op die Palatyn gesing nie maar ook op die
Kapitool. Dis nie alleen 'n lied ter ere van Apollo
nie maar ook van Juppiter: „Mag Juppiter se wasdom-
ryke reënbuie en winde die komende oes aanwakker”.³²
Vergilius, sensitiewe natuurmens, lewer op twee
plekke bewys van die hegte verband tussen Juppiter
en die reën. „Die almagtige vader daal neer met
bevrugtende reënbuie in die skoot van sy gemalin”,
„En Juppiter sal oorvloediglik neerdaal in blye reën”,
sing hy in sy boersange³³ en herdersange.³⁴

'n Aangrypende tafereel in hierdie verband is
die prosessie van magistratre en vrouens op hulle
bedevaart na die Aventyn.³⁵ Hier was 'n altaar van
Juppiter Elicius. „Elicere aquam”, verklaar Wissowa
die woord.³⁶ „Aquaelicium” word hierdie biddag ge-

31. Suetonius, Aug. 29.91.

32. Grant, Ancient Roman religion, p.183.

33. Georg. ii. 325-326: tum pater omnipotens fecun-
dis imbribus Aether/coniugis in gremium laetae
descendit; cf. ook Lucr. 1.250.

34. Ecl. vii.60: Juppiter et laeto descendet pluri-
mus imbri.

35. Varro, op. cit. vi. 94. 36.Op.cit.,p.106.

noem. In tye van langdurige droogte word 'n hol steen, die „lapis manalis“, in prosesie vanaf die Porta Capena na altaar van Juppiter Elicius gedra. Fowler meen dat ons hier met een van die vroegste kultusse van Juppiter te doen het.³⁷ Die hol klip word vol water gegooi, totdat dit oorloop. So moet Juppiter die hemel met reën laat oorloop.³⁸

Die ootmoed van die vrouens in prosesie is treffend. Die verootmoediging spreek uit die feit dat hulle kaalvoet gegaan het, hare loshangend: „antea stolatae ibant nudis pedibus in clivum, passis capillis, mentibus puris, et Iovem aquam exorabant.“³⁹ Uiterlik is hulle met stola's getooi, dus „stolatae“ genoem. Maar hierdie vrouens wil ook innerlik versierd voor die god verskyn: „mentibus puris“. Aan hulle voete is daar geen skoene nie, want die vel van diere is as onrein beskou. „Passis capillis“ rond die onopgesmuktheid af.

Tot die hemelverskynsels wil ons ten slotte ook die arend reken. „The attribute of the skygod Juppiter“, tipeer Grenier hom en wys daarop dat die voëls waardeur die god sy wil manifesteer ook iets goddeliks in hulle gehad het.⁴⁰ 'n Romeinse vaandel het vroeër uit 'n bondel strooi wat om 'n paal geheg was, bestaan.⁴¹ Hierdie primitiewe talisman het die sol-

37. The Roman festivals, p. 232.

38. Id. Religious experience, p.50.

39. Petronius, Satyricon, 44 ad fin.; Tertullianus, de ieiunio adversus psychicos 16.

40. Op. Cit., p. 94.

41. Granger, The worship of the Romans, p. 231.

date teen onheil beskerm. Die militêre hervormings van Marius vervang hierdie niksseggende strooiivaandel met die silwer arend van Juppiter. „These eagles were worshipped by the legions as their quardian spirits”, merk Granger op.⁴²

Die arend beskik oor uitstaande kenmerke. Hy het sterk vlerke wat hom hoog die lug indra. Sy oë is skerp, sodat hy ver en duidelik kan sien. Sy kloue en sy bek is sy gedugte wapens. En hy sit langs Juppiter as sy simbool uit die dierelewe soos die Flamen Dialis dit is uit die menselewe. Die arend is die voël van oorwinning. Hy word derhalwe die oorlogsembleem van die Romeinse legioene. „Wapendraer van Juppiter”, noem Vergilius hom en „een wat die hoë dinge soek.”⁴³.

3. VADER EN KONING.

Vergilius sal in hierdie afdeling dikwels aangehaal word. Fowler meen dat hierdie digter se behandeling van Juppiter - veral in sy Aeneïs - hom baie skade berokken het: „Any chance he had of becoming the centre of a real religious system such as that of the Stoics, was destroyed by the Aeneid.”⁴⁴ Ons kan ons nie indink dat dit Vergilius se bedoeling was nie. Eerder groei die Juppiter-figuur in sy mag en vermoë deur die taal van Vergilius.

42. Ibid.

43. Aen. ix. 564: sustulit alta petens pedibus Iovis armiger uncis.

44. Roman ideas of deity, p. 141.

Fowler het dit veral teen die konvensionele taal van Griekse antropomorfisme. Hierdie beswaar kan 'n mens verstaan. As Iuno die vrou van Juppiter word⁴⁵ of Venus sy dogter⁴⁶, is dit inderdaad on-Romeins. Die Griekse invloed het ook in Vergilius sy spoor gelaat. Onthou moet word dat ons hier met 'n digter en met poësie te make het. Om te beweer dat Juppiter deur Vergilius se poëtiese taalgebruik verwoes is, meen ons is oordrewe gestel. Hy bly steeds die verhevene, vol majesteit, gesag en geestelike krag. Halliday spreek so: „Numina have no physical relation among themselves nor do they stand in any physical relation to their worshippers. The Greek Zeus is the father of gods and men; the Roman Juppiter is neither.”⁴⁷

Die woord „pater” saam met Juppiter dui nie op enige fisiese verwantskap nie.⁴⁸ Wel dui dit die plek aan wat hy in die Romeinse gedagtegang inneem het: gesagsfiguur, magsfiguur. Die woord „pater” uit die menslike ervaringsveld dui vir die Romein hierdie begrip die beste aan. Dit impliseer ook afhanklikheid. Juppiter is iemand na wie 'n mens opsien soos na 'n vader vir raad en leiding. As mens is jy afhanklik van hom, uit sy hand sal jy seëninge ontvang.

45. Aen. 1. 47.

46. Aen. 1. 256.

47. Lectures on the history of Roman religion, p.91.

48. Fowler, R.E., p.155; Rose, op.cit., p.23.

Postma wys daarop dat alhoewel daar meer gode en godinne in die Georgica van Vergilius genoem word, daar slegs een is wat „pater” genoem word, naamlik Juppiter.⁴⁹ In die Aeneïd word ander gode egter ook soms „pater” genoem, gee Postma toe.⁵⁰ Dadelik voeg hy egter by: „Sed discrimen in eo est positum quod vis verbi, ad Iovem pertinentis, semper fere aliis vocibus additis augetur.”⁵¹ Soos die „ipse pater” in Boek Twee (reël 617). Slegs Juppiter is „pater divom”⁵², „pater ipse superum”⁵³, „summus pater”,⁵⁴ pater omnipotens.”⁵⁵ As die mens sy nood uitskrei, klink sy gebed so: „Magne pater divum, miserere!”⁵⁶ Juppiter word in meeste gebede altyd eerste aangeroop. Daar is net een groot vader wat waarlik kan help. En hy is Juppiter. Dikwels word „pater” as ekwivalent vir Juppiter gebruik.⁵⁷

Die benaming „rex” gee 'n verdere aanduiding van Juppiter se plek in die Romeinse godsdiens. Driekeer word „pater” en „rex” deur Vergilius gekombineer: „divum pater atque hominum rex.”⁵⁸ Maar Juppiter is ook koning van die gode, „rex deum.”⁵⁹ Soms staan

49. De numine divino quid senserit Vergilius, p.132.

50. Id., p.140: Aen. v.14 - Neptunus, viii.138 - Mercurius.

51. Ibid.

52. Aen. l. 65; ii. 648; x. 2, 743, 875.

53. Aen. vi. 780.

54. Aen. l. 665.

55. Aen. l. 60; iii. 251; iv. 25; vi. 592; vii.141,770; viii. 398; x. 100; xii. 178.

56. Aen. ix. 495.

57. Aen. ii.617; v.690; vi.780; viii.558.

58. Bailey, Religion in Vergil, p. 135; Aen. I.65; ii. 648; x. 2.

59. Aen. iii. 375; xii. 851.

„rex" alleen, verwysende na Juppiter.⁶⁰ Koning Juppiter is sy naam: „rex Iuppiter omnibus idem, fata viam invenient."⁶¹ Van hierdie frase sê Bailey: „perhaps the most impressive religious phrase in all the Aeneid."⁶² Hierop wil ons later terugkom.

Dit is Postma wat weer die aandag daarop vestig dat Vergilius ook aan ander gode die rex-titel gee: Aeolus (l.52, 137), Pluto (vi. 106, 396), Mars (x.542).⁶³ Maar slegs Juppiter word „rex hominum" genoem⁶⁴; of „rex deum"⁶⁵; „regnator deum"⁶⁶; „rex magnus."⁶⁷ Daar is net een groot koning onder die gode, die eintlike, die ware koning van gode en mense - en sy naam is Juppiter.

Reeds vroeg in die Aeneïs lees ons hierdie woorde: „o passi graviora, dabit deus his quoque finem".⁶⁸ Die god, of miskien net god sal ook hieraan 'n einde gee - asof daar net een god is. Dit is die geloofstaal van Aeneas aan sy swaarbeproeefde manskappe. Te-reg merk Postma op: „ex pulcherrimis verbis ab Aenea sociis dictis."⁶⁹

60. Aen. Xii. 849.

61. Aen. x. 112.

62. Op. cit., p.136.

63. Op. cit., p. 141.

64. Aen. l.65; ii. 648; x. 2,743.

65. Aen. iii.375; xii. 851.

66. Aen. iv. 269.

67. Aen. l. 241.

68. Aen. l. 199.

69. Op. cit., p. 125.

Wie is hierdie god in wie se vermoë dit is om 'n einde te maak aan die swaarkry van die mens? Ons kan nie anders as om te dink, skryf Postma, dat god op hierdie plek nie iets is nie maar iemand wat die verslae en deur baie ontberings geteisterde mense nie negeer nie, maar na hulle omsien en vir hulle sorg.⁷⁰ Die aangehaalde woorde van Aeneas word deur Postma in verband gebring met Venus se woorde aan Juppiter: „quem das finem, rex magne, laborum?”⁷¹ As 'n mens hierdie woorde in gedagte hou, konkludeer Postma, „dubitandum non esse opinor quin voce ‚deus’ poeta spectaverit Iovem, omnium rectorem”.⁷² Juppiter is die voorste, die eintlike god in die Romeinse gedagtegang. 'n Vermoë, 'n mag om 'n mens in krisistye te hulp te kom, vind vir die Romein in Juppiter gestalte.

Geen ander god word so genoem nie, „genitor.”⁷³ Juppiter se skeppende vermoë as groot genius en pater-familias lê in hierdie woord uitgedruk, of word altans daardeur aangedui. „Sator” gee aan dieselfde begrip uitdrukking en word so verklaar: saaiër, planter; verwekker, skepper, vader.⁷⁴ „Genitor” is aan die laaste drie woorde gelyk. „Repertor”, „uitvinder”, „skepper”, kom ook 'n keer voor: „hominum repertor.”⁷⁵

70. Ibid.

71. Id., p. 126: Aen. 1. 241.

72. Ibid.

73. Postma, id., p. 141: Aen. 1. 237; ix. 630; x.45.

74. Id., Beknopte woordeboek, Latyn-Afrikaans.

75. Aen. Xii. 829.

Van die gode is Juppiter die skepper: „genitor deum”.⁷⁶ Maar ook van die mense: „hominum sator at- que deorum.”⁷⁷ „Genitor” is sterk en duidelik ge- noeg om alleen op te tree.⁷⁸ Of kan nie sterk ge- noeg uitgedruk, beklemtoon word nie: „genitor omnipo- tens”.⁷⁹ Juppiter is die almagtige skepper, uitvinder, saaiër en geen ander god nie. Die „ewige vermoë” noem Vergilius hom.⁸⁰

4. SLOT.

Het Vergilius Juppiter se figuur beskuldig?⁸¹ Ons meen die teendeel is eerder waar; dat hierdie digter soos geen ander mens die Juppiter-gestalte gaan verhoog het deur hom in sy verskillende fasette uit te beeld. Griekse gedagtes het Vergilius gaan verhef tot 'n hoë, ernstige vlak van godsdienstige begrip. Aan antropomorfistiese idees of karikature verleen hy nou 'n geestelike glans. Die besef van hierdie hoë, geestelike mag vind veral sy beslag in die Juppiter-godheid. „In many ways a summary of Roman thought and feeling”, merk Bailey op aangaan- de die godsdiens van die Aeneïs.⁸² Hierdie gevoel meen ons vind in Juppiter sy grootste kristallisering.

Twee outoriteite moet hierdie hoofstuk afsluit. Eerste sal Bailey sy mening gee: „Juppiter omnipotens..

76. Aen. vii. 306.

77. Aen. l. 254; Xi. 725.

78. Aen. Viii. 427; xii. 200, 843. xi. 727

79. Aen. x. 668.

80. Aen. x. 18: hominum rerumque aeterna potestas.

81. Cf. voetnota. 44.

82. The religion of ancient Rome, p. 112.

seems to suggest the ultimate divine power in the guidance of the events of the world which will be seen to be Vergil's highest theological conception."⁸³ Die skerp kritikus van Vergilius se Juppiter is tog beïndruk deur hierdie god se wye optrede. Hy gee toe: „.....there is a breadth and range about his action which exceeds that of any Graeco-Roman god, for he is indeed the reflection of the greatness of his people, the religious interpretation of their amazing strenght."⁸⁴

83. Religion in Vergil, p. 141.

84. Fowler, Roman ideas of deity, p. 53.

H O O F S T U K I I I

F E E S G E L E E N T H E D E

1. I N L E I D I N G.

Vestig n mens die aandag spesifiek op die verskillende feesgeleenthede i.v.m. Juppiter, tref die feestelike karakter van hierdie god meteens. God van feesvierings, dié god wat blydskap in die mens se lewe bring - so kan Juppiter in hierdie hoofstuk getipeer word.

Soos n refrein weerklink die „feriae Iovi" dwarsdeur die ou feeskalender.¹ „Feriae" was vir die Romein n religieuse woord wat hy aan die gode opgedra het.² Fowler vergelyk dit selfs met die Joodse Sabbat.³ „Feriis iurgia amovento", maan Cicero; dit beteken dat elke burger hom van regsgedinge moet weerhou en die slaaf van arbeid verskoon word.⁴

2. F E R I A E L A T I N A E.

Die Feriae Latinae was n jaarlikse fees deur die Latynse stamme op die Mons Albanus gevier ter ere van Juppiter Latiaris. Die karakter van hierdie feesviering dui op n baie vroeë oorsprong toe die deelgenote hoofsaaklik n herdersvolk was.⁵ Op die hoë Albaanse

1. Wissowa, Religion und Kultus der Römer, p.492

2. J. van Wageningen Bewerkt door F.Muller, Latynsch Woordenboek.

J.B.Wolters Uitgevers-Maatschappij.
Groningen, Den Haag, 1929.

vierde druk. feriae: rustdagen, feestdagen, vacantie, rustdagen tydens den oogst, p.371.

3. Social life at Rome in the age of Cicero, p.287.

4. de Leg.ii.8.19; cf.12.29.

5. Halliday, Lectures on the history of Roman religion, p.99.

heuvel het die hoofgod van die Latynse volkerebond elke jaar vir baie jare lank die eenvoudige offers van melk, kaas en skape ontvang.

„Perhaps no festival, Greek or Roman, carries us over such a vast period of time as this”, merk Fowler op.⁶ Die oorsprong lê ver terug in die pastorale tyd. Tot aan die einde van die derde eeu n.C. of selfs later het dit in ononderbroke grootsheid voortgeduur.⁷ Die Feriae Latinae was n baie ou fees en dateer terug toe Alba Longa nog die hoofstad van Latium was. Opgrawings van antieke gereedskap op die Albaanse heuvel dui hierop. Aangesien daar geen melding van wyn gemaak word nie, word dit aangeneem dat hierdie fees uit n tydperk dateer voordat die druif sy weg na Italië gevind het. n Verdere bewys vir die hoë ouderdom van die fees is die offerande van n wit vers wat aan n primitiewe ras van wit beeste herinner en beskou kan word as n oorblyfsel uit n tyd toe beeste heilig was en slegs vir sakramentele gebruik geslag is.⁸ Die fundamente van n ou tempel wat hiermee op die Kapitoolse heuvel ooreenkom, word aan die Tarquinii toegeskryf.

Alle Latynse stede het verteenwoordigers na die gemeenskaplike offermaal gestuur. Rome was ook verteenwoordig en het later hierdie fees as hoofstaat beheer. Dit het een van die pligte van die konsuls geword om n datum vir die fees te bepaal (gewoonlik teen die einde van April). Die karakteristieke ken-

6. Roman Festivals, p.96.

7. Ibid.; C.I.L. vi.2021.

8. Id., p.97.

merk en hoogtepunt was die slag van 'n spierwit vers wat nog nie die juk gevoel het nie. Die Romeinse konsul het die vers geslag en die vleis onder almal verdeel. „To be left out of this common meal, or sacrament, would be equivalent to being excluded from communion with the god and the Latin league”, beklemtoon Fowler.⁹ Daar was dus 'n sterk begeerte by elkeen om sy porsie in ontvangs te neem. Dit was elkeen se reg gewees, sê Varro.¹⁰

„This festival may teach us that we are here in the presence of the oldest and finest religious conception of the Latin race”, merk Fowler op.¹¹ Hy wys daarop dat geen kenmerke van hierdie fees enige neiging van 'n antropomorfistiese opvatting van Jupiter Latiaris toon nie.¹² Hier het 'n mens met 'n eenvoudige en suiwere seremonie van geestelike aard te doen, ontoeganklik vir enige vreemde idees.¹³ Wanneer Rome Latium absorbeer, en Juppiter Latiaris Juppiter Optimus Maximus word, bly die god van die Albaanse heuwel en sy jaarlikse fees steeds, lank nadat dit reeds moeilik geword het om verteenwoordigers van alle dorpe te vind, herinner aan die eertydse bydrae van die Latynse volke tot die opgang van die stad wat die leier geword het.¹⁴

3. GOD VAN VOORTDURENDE LIG.

Die Idus van elke maand kan by uitnemendheid 'n Juppiter-dag genoem word. In die ou kalender

9. Id., p.96; Liv. 32.1,37.3; cf. Smith, lectures on the religion of the Semites, p.269 en 271.

10. de l.l. vi.25: carnem petere fuit ius.

11. Roman festivals, p.97.

12. Id., p.227. 13. Id., p.228. 14. Id., p.97.

word dit elke maand as „feriae Iovis" aangedui, die volmaandag van die maand. Verder val die stigtingsdae van meeste Juppiter-tempels asook die „epula Iovis" op die dertiende.¹⁵

Op die Idus het die Flamen Dialis, die priester van Juppiter, 'n wit skaaplam in prosesie langs die Sacra Via tot op die Burg van die Kapitoel gelei en daar aan Juppiter geoffer.¹⁶ De Lepper wys daarop dat hierdie offerande op die noordelike en nie suidelike top (waar die Etruskiese tempel was) geskied het nie.¹⁷

Die fees op die Idus, sê De Lepper, kom ooreen met die denkkeeld wat die Romeine van ouds af van Juppiter gevorm het.¹⁸ Die Idus val in die middel van die maand en was in die ou maanjaar die dae van die volmaan. Dan is die hemel onafgebroke dag en nag verlig. Macrobius se beskrywing is raak en duidelik: „Iure hic dies Iovis fiducia vocatur, cuius lux non finitur cum solis occasu, sed splendorem diei et noctem continuat inlustrante luna..."¹⁹ Die god van lig se heerskappy is nie tot die dag beperk nie, maar hy is ook in staat om die nag met sy heerlike lig te oorwin. En as hy so naby is en so lank vertoef, moet

15. J.O.M. - 13 Sept., J. Victor - 13 Apr., J. Invictus - 13 Jun., J. Stator - 13 Jan., epula Iovis - 13 Sept. en 13 Nov.

16. Ov., fast.i.56: Idibus alba Iovi grandior agna cadit; Macr., Sat.i.15,16: omnibus Idibus Iovi immolatur a flamine.

17. De godsdiens der Romeinen, p.75.

18. Ibid.

19. Sat.i.15.14. - verder: Quod semper in plenilunio, id est medio mense fieri solet... unde et omnes idus Iovis ferias observandas sanxit antiquitas.

sy priester self die wit lam van erkentlikheid aan die glansryke god offer.

4. JUPPITER DAPALIS.

Juppiter Dapalis is die god wat deel moet hê aan die vreugde van 'n besondere feesmaal (daps beteken feesmaal). Hy word erken as die gewer van die feesvreugde. In sy hand rus die voorspoed van die gesaaides wat sal ontkiem en vrugdra, sodat die tafel vol voedsel mag wees en die mens se hart vol blydschap.

'n Eetmaal dra 'n besondere karakter van feestelikheid. Die mense, so saam vergader, verheug hulle nie alleen in die voedsel nie, maar is ook bly oor die hegte gemeenskap van hulle saamwees. Die Romeine was bewus van die geestelike teenwoordigheid van Juppiter. Hy is die onsigbare gasheer ter ere van wie hierdie maal berei word. „He (die Romeinse boer) treats Juppiter like a distinguished visitor requiring his hospitality”, sê Dumezil.²⁰ Die offergebaar aan die Lares, naamlik die gewoonte van die Romeinse huisgesin om 'n deel van die voorbereide voedsel van hulle maal in die vuur te gooi, weerspieël dieselfde gesindheid.

Cato beskryf die boer se offermaal aan Juppiter.²¹ Dit vind vlak voor die saaityd plaas en bestaan uit gebraaide vleis en wyn. De Lepper noem ook vrugte.²² Cook verwys na Fowler wat meen dat

20. Archaic Roman religion, p.183.

21. De agric. 132.

22. Op. cit., p.76-77.

Juppiter self oorspronklik geïdentifiseer is met die vleis, wyn en brood (by Juppiter Farreus) deur sy volgelinge verbruik.²³ „Dit betaam dat die offermaal (daps) op hierdie wyse geskied“, skryf Cato en gee noukeurige voorskrifte. Hierdie dag moet 'n vakansiedag vir osse en hulle drywers wees, „eo die feriae bubus et bubulcis.“ 'n Gebed moet aan Juppiter gerig word: „Iuppiter Dapalis, macte istace dape pollucenda esto, macte vino inferio esto.“²⁴

5. TERMINALIA.

Die Terminalia-fees het op 23 Februarie plaasgevind. Dit was 'n fees van die „termini“, die grensstene en grense. Bure van aangrensende plase kom bymekaar om aan die termini of die god Terminus te offer en 'n gemeensame maal te geniet. Dit was 'n vrolike fees waarop almal hulle verbly het in die vreedsame grensgemeenskap.²⁵ In Rome is die Terminalia later by die sesde mylsteen op die Via Laurentina gevier.²⁶ In die gat waarin die grenspaal kom, word die bloed van die offerdier asook vrugte, wyn, heuning en die as van die offer geplaas, voordat die bekransde en gesalfde steen geplant word.

Terminus is beskou as die god van die grense van die landgoed, en die steen as die woonplek van

23. Zeus, a study in ancient religion, Vol. II, Deel II, p.1172. (Fowler, R.E. p.141).

24. Die voorafgaande voorskrif is: manus interluito, postea vinum sumito.

25. Wissowa, op. cit., p.125.

26. Latte, Römische Religionsgeschichte V. 4, p.64; Ov. Fasti 2, 697.

'n numen wat met bloed besprinkel en met blomme omkrans moet word.²⁷ Boere bring hulle hulde aan die god van geregtigheid en beskerming. So kan die Terminalia 'n Feriae Latinae in klein genoem word. Terminus word 'n ander naam vir Juppiter. Inderdaad word die naam Juppiter Terminus op muntstukke aange-tref.²⁸

Ovidius gee 'n beskrywing van so 'n Terminalia op die platteland.²⁹ Kranse word deur die twee eienaars om die grenssteen gehang. Die offers is dubbel. Daar is 'n altaar met vuur. Daar is vrugte, wyn en koeke van heuning. Die bure staan stil in wit klere. 'n Lam en 'n jong vark word geslag en die grensmaal met die bloed besprinkel. Feesliedere word ter ere van Terminus gesing. „Want ek aanbid“, skryf Tibullus:

seu stipes habet desertus in agris
seu vetus in trivio florida serta lapis:
et quodcumque mihi pomum novus educat annus,
libatum agricolae ponitur ante deo.³⁰

Die fees van die Terminalia is ook 'n geestelike daad van dankbaarheid teenoor die god vir sy beskerming van grond en oes. Hy, Terminus, of Juppiter, omring die boer, sodat geen onheil hom of sy boerdery tref nie. Daar is 'n noue verband tussen Terminus en Juppiter. Fowler wys op die intieme

27. Fowler, Roman Festivals, p.326.

28. Ibid. - Roscher, Ausführliches Lexikon, 668 (Aust) - muntstukke van Varro, 76 v.C.

29. Fasti 2. 643.

30. Petrie, A Latin Reader, cxvi, p.177.

assosiasie van Juppiter met die idee van jou woord gestand doen, van getrou wees teenoor jou bure, lojaliteit hoog ag.

'n Legende toon verder die noue verband tussen hierdie twee gode aan.³¹ Met die opruiming van die terrein op die Kapitoel waar die nuwe tempel vir Juppiter gebou sou word, het al die gode vir Juppiter plek gemaak - behalwe een, naamlik Terminus. Hy weier om verroer te word. Die ou grenssteen, sy simbool, word toegelaat om in die nuwe tempel ingesluit te word met 'n opening in die dak daaroor - „the protest of the open-air animism against the new anthropomorphic house of stone”, aldus Bailey.³² Want Terminus moet in die ope aanbid word. „Juppiter, as guarantor of right, ended by annexing Terminus to himself”, konkludeer Hus.³³

Die belangrike menslike reëling van die grens, die idee van begrensing, het tot die sfeer van die heilige behoort.³⁴ 'n Offisiële verteenwoordiger van alle grensstene is derhalwe in die tempel van Juppiter, die borg van geregtigheid en goeie trou, geplaas. Wissowa praat van Juppiter Terminus as „Schützer der Grenze und ihrer Heiligkeit.”³⁵ Hy noem hom ook „Schützer von Recht und Treue” en kies die regte woord om die verband tussen Juppiter en Terminus te verklaar as hy laasgenoemde 'n prototipe van Juppiter noem.³⁶

31. Ov., Fasti 2.667; Liv. 1.55.

32. Phases in the religion of ancient Rome, p.116.

33. Greek and Roman religion, p.117.

34. Ibid.; Dumézil, op. cit., p.203.

35. Op. cit., p. 104.

36. Id., p. 125.

Hus wys daarop dat naas Juppiter slegs Terminus as verpersoonliking van die onskendbaarheid van eienaarskap enige morele of juridiese magte gehad het.³⁷ Derhalwe is hierdie belangrike simbool van menslike betrekkinge geëer. Leopold vestig die aandag op die versameling van geskrifte van Romeinse landmeters.³⁸ Toe Juppiter die land van Etrurië in besit geneem het, sou hy die velde verdeel en die akkers toegewys het deur afbakening met grenspale. Iemand wat sou poog om hulle te verwyder, sou deur die ergste siekte en kwale getref word en die hele land sou ly as gevolg van oorstromings en misgewasse.

6. EPULUM IOVIS.

Die dertiende September was 'n uitstaande feesdag ter ere van Juppiter. Dit was nie alleen die Idus van die maand nie, maar ook die herdenking van die „dies natalis“ van die Kapitoelse tempel. Verder het die beroemde feesbanket, die „epulum Iovis“, op hierdie dag plaasgevind. „This epulum was one of the most singular and striking scenes in Roman public life“, lui Fowler se kommentaar.³⁹ Senatore en magistrats het by die tempel van Juppiter Optimus Maximus vir 'n banket aangesit.⁴⁰

Die animistiese karakter van Juppiter blyk uit die volgende. Voordat die epulum 'n aanvang neem, offer die konsul eers 'n wit vers aan Juppiter.

37. Op. cit., p.117.

38. De ontwikkeling van het heidendom in Rome, p.28-29 (Rudorff, Gromatici latini).

39. Roman fest., p.217.

40. Liv. 38.57, 45.39.

Dis 'n vorm van danksegging aan die god vir sy bewaring van die staat gedurende die oorlogseisoen.⁴¹ Net soos by die feesmaal van Juppiter Dapalis is daar ook hier 'n verhewe gas teenwoordig. Dumezil noem die epulum 'n duplisering van die daps en vervolg: „But neither the peasant's table nor on the Capitol was there any representation of the god in the act of eating: his invisible presence was enough.”⁴²

Dumezil is volkome reg, as hy ver terug in die verlede kyk. „There is no real trace in Italy of an indigenous iconic representation of Juppiter”, sê Fowler.⁴³ Saam met ander⁴⁴ is hy van mening dat die epulum Iovis gebaseer is op 'n vroeëre heilige maal soos dié van die Feriae Latinae. En as dit die geval is, voer Fowler verder aan, was dit 'n maal waar die ou Romeine tevrede was om te glo dat die gode teenwoordig was en nie die bewys van hulle oë nodig gehad het nie. In hierdie verband haal Fowler Ovidius en Tacitus aan om hom in sy mening te steun. Ovidius suggereer t.o.v. Sabyense Vacuna dat die gode vroeër geestelik teenwoordig was:

Ante focus olim scamnis considerare longis
Mos erat, et mensae credere adesse deos.⁴⁵

41. Fowler, fest., p.217.

42. Op. cit., p.567.

43. Fest., p. 234.

44. Dumezil, op. cit., p.568; Bailey, Religion in Vergil, p.51.

45. Fast. 6.307-verder Nunc quoque cum fiunt antiquae sacra Vacunae,
Ante Vacunales stantque sedentque focus.

Tacitus se woorde aangaande die Germaanse godsdiens van sy tyd is ook van toepassing op die vroegste godsdiens van die Romeine: „Ceterum nec cohibere parietibus deos neque in ullam humani oris speciem assimilare ex magnitudine caelestium arbitrantur.”⁴⁶

Die woude is hulle gewyde plekke, en hulle noem daardie geheimenis wat hulle slegs met ontsag waarneem - „quod sola reverentia vident” - met die name van gode.

Cicero verhaal van Xerxes wat sou beveel het dat die Atheense tempels afgebrand moes word, „quod deos, quorum domus esset omnis hic mundus, inclusos parietibus contineri nefas esse duceret.”⁴⁷ In sy filosofiese werk oor die natuur van die gode wys Cicero op die moeilike saak van geestelike waarneming van die gode as hy sê: „...nihil est difficilium quam a consuetudine oculorum aciem mentis abducere.”⁴⁸

Die uitstaande kenmerk van die epulum was egter die sigbare teenwoordigheid van Juppiter in beeldvorm. Onder Grieks-Etruskiese invloed (Etruskers het die Kapitoelse tempel gebou) het die „epulum Iovis” ’n „lectisternium” geword waar gode in beeldvorm saam met die mense aansit - Juppiter in hierdie geval saam met sy tempelgenote Juno en Minerva.⁴⁹ Hierdie onsuivere antropomorfistiese toevoeging is ongetwyfeld in stryd met die ware karakter van Juppiter.

7. VINALIA.

Reeds tweekeer is daar melding gemaak van wyn,

46. Germ. 9.

47. De rep.3.14.

48. D.N.D. II. xvii.

49. Fowler, fest., p.218-234; Ogilvie, The Romans and their gods, p.95.

naamlik op die fees van die daps en dié van die Terminalia. Hierdie besondere vrug en sy finale produk pas goed in hierdie hoofstuk in wat oor die feestelike karakter van Juppiter handel. Wyn is ook een van die offergawes aan Juppiter. Ook hy word erken as die gewer van hierdie uitstaande gawe wat vreugde in die mens se lewe kan bring. „The gift of wine might naturally be attributed to the great god of the air, light and heat”, sê Fowler.⁵⁰ Dumezil wys daarop dat wyn nie soos brood of groente of voer is nie, maar dat dit 'n buitengewone produk is. „It is not nutritious, it is intoxicating, it has marvelous properties.”⁵¹ Dit moet op 'n hoër vlak as bloot die landbouvlak geplaas word. Die verband is nie agraries nie, voer Dumezil aan; dit lê nie tussen Juppiter en die plant nie, maar tussen Juppiter en die wyn.⁵² Hierdie besondere affiniteit moet begryp word.

Drie stadia in die wynbouproses kan onderskei word, en elkeen word telkens aan Juppiter verbind. Halliday verwys na die ou kalender waar Juppiter met die wynfeeste geassosieer is en primêr aange-ton is as om belang by die kweek van die wingerd te hê.⁵³ Die Vinalia Rustica het op 19 Augustus plaasgevind. Op hierdie dag open Juppiter se priester, die Flamen Dialis, die wynoes deur sere-moneel die eerste druiwe te pluk. Hierdie sere-

50. Fest., p.88.

51. Op. cit., p.185.

52. Ibid.

53. Op. cit., p.101.

monie staan bekend as die „auspicatio vindemiae“, die plegtige opening van die wynoes.⁵⁴ Na die afpluk van die eerste tros rypwordende druiwe volg 'n gebed en offerande van 'n lammerooi deur die flamen aan Juppiter vir die beveiliging van die hele oes.⁵⁵ Vergilius merk in hierdie verband op: „et iam maturis metuendus Iuppiter uvis.“⁵⁶

'n Tussenstadium was blykbaar die Meditrinalia van 11 Oktober. Die gegewens i.v.m. hierdie gebeurtenis is min. Pauly meen dat die jong mos vol krag op hierdie dag verseël is.⁵⁷ Fowler voer aan dat die nuwe wyn op hierdie dag geproe is.⁵⁸ Hy haal o.a. Varro aan: „novum vetus vinum bibo, novo veteri morbo medeo.“⁵⁹

Die Vinalia Priora van 23 April is duideliker afgebaken. Die druiwesap van die vorige jaar is nou drinkbaar. Die nuwe wyn mag nou in die stad ingebring word. Varro maak melding van 'n inskripsie op 'n kennisgewingbord in die wingerde te Tusculum wat so lui: „Vinum novum ne vehatur in urbem ante quam vinalia kalentur.“⁶⁰ Voordat die mens die vrug van die wynstok geniet, moet hy eers sy dank aan

-
54. Varro, De l.l.vi.16: auspicatur vindemiam et ut iussit vinum legere, agna Iovi facit, inter cuius exta caesa et porrecta flamen vinum legit.
55. Fowler, fest., p.204-205.
56. Georg. ii.419.
57. Real-Encycl., 1131.
58. Fest., p.239.
59. Op. cit., vi.21.
60. Id., vi.16.

Juppiter betuig. Die Vinalia Priora is 'n dankfees ter ere van Juppiter vir sy beskerming van die druiwe-oes. Aan hom word die eerste wyn as plengoffer opgedra.⁶¹ Hy moet hierdie nuwe drank beveilig en drinkbaar maak; dit moet eers in aanraking kom met sy heilsame numen.⁶² Dan sal die wyn ook vir die mens heilsaam wees en hom versterk en verbly. Die Romein erken Juppiter as die gewer en bron van krag en blydschap. „Juppiter war der Geber der edelsten Frucht und ihm brachte man, bevor man den neuen Wein kostete, eine Dankesspende“, onderstreep Aust die gesindheid van dankbaarheid by die Romein teenoor Juppiter vir sy besondere gewes aan die mens.⁶³

8. SPELE.

Elke jaar gedurende 15 tot 18 September het die beroemde Ludi Romani in Rome plaasgevind. Fowler noem die spele „the most imposing of all the Roman worships.“⁶⁴ Godsdienst het die vorm van spele aangeneem. Die Ludi Romani het naamlik uit die vroeëre Ludi Votivi ontwikkel.⁶⁵ Laasgenoemde spele word aan Tarquinius Priscus toegeskryf. Die woord „votivus“ beteken „deur 'n gelofte beloof.“ Spele sou aan Juppiter gewy word, as hy die oorwinning in die oorlog gee. In Hoofstuk IV van hierdie verhan-

61. Flaccus Verrius: Vinalia diem festum habebant quo die vinum novum Iovi libabant (Festus 65) - Fowler, fest., p.87.

62. Rose, Ancient Roman religion, p.93.

63. Die Religion der Römer, p.170.

64. Fest., p.215-216.

65. Liv. i.35.9.

deling word. Juppiter as die god van oorwinning behandel. Die vreugdebetoon van die Romeinse Spele is die voortdurende dankbaarheidsbetoning aan Juppiter vir die oorwinning wat hy altyd gee.⁶⁶

Daar vind 'n prosessie vanaf die Kapitoel plaas. Die gewyde heuwel van Juppiter is die vertrekpunt vir hierdie grootse optog wat breedvoerig deur Dionysius van Halicarnassus beskryf word.⁶⁷ Die mees prominente figuur is die hoofmagistraat op sy strydwa getrek deur vier wit perde. Hy is soos 'n triomfator in die insignia van Juppiter geklee: purper toga met goue palmtak-omboorsels, lourierkrans op hoof, kroon van goue eikeblare en juwele bokant hoof gehou, ivoorsep-ter met arend in die hand. „For the magistrate was to be the earthly embodiment of the god presiding at the festival of his people”, merk Granger op.⁶⁸

'n Verdere kenmerk van die offerspele was die aanwesigheid van die beelde van die gode. Saam is hulle in die optog na die Circus Maximus gedra. Hier het die Spele plaasgevind. Die gode was die eragste, Juppiter die vernaamste. Tweekeer word sy teenwoordigheid gesuggereer: deur die triomfator-magistraat en deur sy eie beeld. Hy, Juppiter, god van oorwinning, moet tog die feesvreugde van sy volgelinge aanskou en die Spele as 'n dankoffer aanneem.

66. Cf. Liv. xxxvi.2.3.: Si duellum quod cum rege Antiocho sumi populus iussit id ex sententia senatus populi que Romani confectum erit, tum tibi, Iuppiter, populus Romanus ludos magnos dies decem continuos faciet.

67. vii.72.

68. The worship of the Romans, p. 287.

H O O F S T U K 1 V

OP DIE KAPITOOI

1. INLEIDING.

Juppiter se glorie as hoofgod van die Romeine kulmineer as hy op die Kapitoolheuvel gevestig word. Sy soewereiniteit bestaan van vroeg af, maar het toegeneem na sy verhuising na die Kapitool.¹ Vroeë Romeinse heiligdomme was nie oordek nie, maar die gode is onder die blote hemel vereer, in 'n bos, in 'n afgebakende ruimte bekend as 'n „templum" of by 'n voorwerp van verering, bv. 'n grenssteen of 'n fontein. Tempels is eers teen die einde van die koningstyd vanuit Etrurië in Rome ingevoer. Elke god kry nou sy tempel en die votum word hoofsaaklik 'n gelofte om 'n tempel vir die god te bou.² Sommige gode ontvang egter slegs 'n altaar. Augustus se Ara Pacis is 'n voorbeeld. „So tenaciously, though no doubt unconsciously, did the old numen conception fight against the anthropomorphic innovations", merk Bailey op.³

Die tempel asook beeld daarin is inderdaad 'n innovasie in die Romeinse godsdiens. „The temple is the first sign of accomplished anthropomorphism", kondig Bailey aan.⁴ Die god wat nou as 'n wese met menslike behoeftes beskou word, moet 'n onderdak hê; hy moet in menslike vorm voorgestel word. Fowler gee 'n skerp teëstelling tussen die ou beeldlose kul-

1. Dumezil, Archaic Roman religion, p. 179.

2. Bailey, Phases in the religion of ancient Rome,

p. 116.

3. Ibid.

4. Ibid.

tus van Juppiter en die latere een van die Etruskiese trias op die Kapitoool. Eersgenoemde is deur laasgenoemde kultus oorskadu - „the aniconic by the iconic, the pure Italian by the mongrel ritual from Etruria.”⁵ Die suiwere animistiese beskouing het plek gemaak vir die minder suiwere antropomorfistiese interpretasie.

Verskeie ander skrywers meen ook dat die verplasing van Juppiter na die Kapitoool en sy huisvesting in die tempel aldaar tot sy nadeel strek. Perowne som die besware baie goed op: „...the numen was capable of spiritual development whereas a statue is not.”⁶ Hy meen dat voorstelling van die gode familiariteit in die hand gewerk het wat tot minagting en geestelike erosie gelei het. Bailey meen aan te toon dat Juppiter se groot kultus die begrip van godsdiens op die lang duur gaan vereng en verlaag het en dat hy nie veel meer as die verpersoonliking van die Staat geword het nie.⁷ Grenier se kritiek op Juppiter Optimus Maximus van die Kapitoool is skerper. Hy beweer dat Juppiter sy mag oor siele en selfs sy eie persoonlikheid verloor het. „He had become a mere symbol of pride and dominion, to whom the magistrates mechanically paid official honour.”⁸

Dit klink soos 'n beeldestormloop. En Juppiter het nou net so koud en magteloos soos sy beeld ge-

5. Fowler, Roman festivals, p. 229.

6. Roman mythology, p.53.

7. Op. cit., p. 171-173.

8. The Roman spirit in religion, thought and art, p.370.

word; die religieuse handeling van die staatslui meganies, sonder hart en siel. Met hierdie konklusie kan ons nie heeltemal saamstem nie. Enige godsdiens loop gevaar om stereotiep en formalisties te word. Om met sekerheid te wil beweer dat dit die geval met die Romeinse godsdiens en veral die Juppiter-kultus was, is nie moontlik nie. Ons kan nie aanneem dat die verskillende religieuse handeling wat in hierdie hoofstuk bespreek gaan word slegs leë vertoon was nie. In 'n ander werk van hom stel Bailey die volgende insiggewende vraag: „Was there in this formalism a life which escapes us, as we handle the dry bones of antiquarianism?“⁹ Hierop wil ons bevestigend antwoord.

Dit is nie so maklik of miskien feitlik onmoontlik om die geestelike lewe van 'n mens leesbaar te maak of konkreet oor te dra nie, want dit is 'n onsigbare, abstrakte lewe. Wel kan die uiterlike godsdiensstige optrede van 'n mens sy innerlike gevoelens verraa. En dit is al wat van die Romeine oorgebly het, hulle talryke sigbare godsdiensstige handeling. Dit geld veral t.o.v. Juppiter. Hoe dikwels het die Romeinse mens nie sy skrede na die Kapitoel gewend nie! Hierin sien ons 'n weerspieëling van en 'n antwoord op die animistiese invloed van Juppiter op sy volgelinge. Al die seremonies wat op die Kapitoel plaasgevind het, dra 'n geestelike karakter, van dankbaarheid, erkentlikheid, afhanklikheid, dapperheid, oorwinning.

9. The religion of ancient Rome, p. 108.

Daar moet nie teen die tempel en beeld van Juppiter op die Kapitool vasgekyk word nie. Hierdie sigbare, antropomorfistiese skeppinge moenie die oog versper vir Juppiter se onbepaalde geestelike vermoëns nie. Die glansryke tempel en beeld aan Juppiter is vir ons 'n bewys van die spesiale hulde wat die Romeine aan hulle hoofgod gebring het. Dit is die belangrike aspek wat raakgesien moet word. Juppiter was vir die Romeine 'n uitstaande god. Ons wil die idee van spesiale hulde aan hom koppel aan die woorde van Bailey: „The Roman Juppiter had in his supreme position the germs of a monotheism.“¹⁰

2. TEMPEL VAN JUPPITER FERETRIUS.

Volgens oorlewering het Romulus die wapenbuit wat hy van sy vyand afgeneem het, bekend as „spolia opima“, aan 'n ou eik opgehang. Dit was sy dankoffer aan Juppiter.¹¹ Later is 'n tempel opgerig, 'n kapel vir Juppiter Feretrius. Antieke oorlewering skryf die oprigting van hierdie oudste staatstempel eenstemmig aan Romulus toe.¹² Dit is bekend dat Augustus gedurende sy godsdienstige hervormings talle tempels gerestoreer het. Een van hulle was ook die tempel van Juppiter Feretrius op die Kapitool.

Fowler meen dat die voorloper van die Feretrius-kapel waarskynlik eers 'n altaar was.¹³ In hierdie

10. Phases, p. 173.

11. cf. Verg., Aen. x.423.

12. Liv. i.10.5-7: haec templi est origo, quod primum omnium Romae sacratum est.; Paulys, Real - Encyclopädie, 1127-28.

13. R.E., p.130.

tempeltjie (Dionysius het die fundamente gesien, slegs 15' wyd)¹⁴ was daar geen beeld nie, net 'n vuurklip, 'n „lapis sillex" en 'n septer. Op die animistiese karakter hiervan wys Wissowa soos volg: „....ein Symbol, der heilige Feuerstein....in dem wir wohl ein Abbild des Donnerkeils, einen Hinweis auf den im Gewitter waltenden Himmelsgot, zu erkennen haben.“¹⁵

Bailey beweer dat Juppiter Feretrius nooit tot groot hoogtes gestyg het nie.¹⁶ Bedoel hy nooit tot groot antropomorfistiese hoogtes nie? Fowler is daarenteë van mening dat Juppiter Feretrius die groot Juppiter van pre-Etruskiese Rome was.¹⁷ Juppiter se assosiasie met die eed en die sluiting van verdrae bring hom tot hierdie gevolgtrekking. Die ou eik het plek gemaak vir 'n waardiger depot om die kosbaarste oorwinningsbuit as dankoffer aan die gewer van oorwinning te ontvang.

3. TITEL OPTIMUS MAXIMUS.

Die titel „Optimus Maximus" is 'n aanduiding van die monoteïstiese karakter wat Juppiter begin aanneem het. Fowler sê dat die titels van Juppiter Optimus Maximus hom in 'n posisie skyn te plaas wat hom nie alleen ver bokant sy tempelkollegas verhef

14. Fowler, Fest., p.229.

15. R.K., p.103.

16. Phases, p.169.

17. Fest., p.229.

nie, maar ook bokant alle ander Juppiters in Latium en elders, en vermoedelik bokant alle ander gode.¹⁸ In 'n ander werk van hom sê Fowler dat hy voel dat hierdie titels nooit uitgedink kon gewees het behalwe vir 'n god wat beskou was om alle ander te oorskadu nie, „the ancestral inheritance of the race as none other was, and the one on whom the State and all individuals within it depended for their very existence, moral and material”.¹⁹

Fowler praat van „ander” Juppiters en Hus van „the new Juppiter”.²⁰ Tog is daar net een Juppiter wat groter en voller geword het, namate meer en meer geestelike vermoëns in hom ontdek is. Fowler merk tereg op dat die titels Optimus Maximus 'n poging is om Juppiter in 'n hoëre posisie te plaas.²¹ Anders as in ander gevalle suggereer hierdie spesiale titel nie 'n besondere funksie of lokaliteit of verbinding met een of ander god nie; „they stand absolutely alone in the history of the Roman religion till far on in the Empire”.²²

Ons wil die titel Optimus Maximus sien as 'n poging om al die uitstaande geestelike kwaliteite van Juppiter saam te vat en op te som. Cicero se interpretasie van hierdie eretitel klink nie heeltemal korrek nie. Hy is van mening dat mense Juppiter die beste en grootste noem nie omrede hy hulle reg-

18. R.E., p. 238.

19. Roman ideas of deity, p. 44.

20. Greek and Roman religion, p. 129.

21. R.E., p. 238.

22. Ibid.

verdig en wys maak nie, maar gesond en ryk.²³ Ene-
syds is dit waar, aangesien Juppiter wel die gewer
van menslike voorspoed is; andersyds word die heil-
same invloed wat daar van hom uitgaan as god van ge-
regtigheid en trou geïgnoreer of onderskat. Optimus
Maximus dui uitsluitlik op Juppiter se uitstaande
karaktereienskappe en het geen ander bybedoelinge nie.
Hy is inderdaad die beste en die grootste, omdat hy
hom as sulks in al sy handelinge openbaar.

4. TEMPEL EN STANDBEELD.

Die drie-cellae-tempel aan Juppiter, Juno en
Minerva moet Etruskies wees. Daar is geen spoor van
hierdie kombinasie in die Latynse of Sabyne gods-
diens nie.²⁴ Die godetrias se invoering dateer vanaf
493 v.C. Minerva kom uit Etrurië, Juno uit Etruskiese
Veii en die tempel word deur Etruskers gebou. Die
hoë kunsvorme van argitektuur en beeldhoukuns vind
hulle weg via Etrurië na Rome. "The Capitoline
temple was the crowning architectural glory of Etrus-
can Rome", sê Scullard.²⁵ Bailey wys daarop dat die
groot Kapitoelse tempel die eerste tempel in Rome is
waarvan daar dokumentêre bewys is.²⁶ Die oprigting
van 'n tempel ter ere van Juppiter is deur Tarquinius
Priscus in die oorlog teen die Sabyne belowe. Sy
kleinseun, Tarquinius Superbus, die laaste Etrus-
kiese koning, voltooi dit byna. Op 13 September 509
v.C. word dit deur die eerste Romeinse konsul, Ho-
ratus, ingewy.

23. D.N.D. iii. 36.87.

24. Leopold, De ontwikkeling van het heidendom, p.38.

25. Etruscan cities, p. 252.

26. Phases, p.114; Cic., de rep.ii.24.44; Liv.i.38.7,
55.1.

Livius sê dat ambagsmanne van oral uit Etrurië ontbied is om te help met die oprigting van Juppiter se tempel.²⁷ Sy twee deelgenote, Juno en Minerva, merk Bailey op, het op die agtergrond verdwyn, „and Juppiter Optimus Maximus...surveys the life of Rome in a more and more exalted position of supremacy.”²⁸ Dionysius van Halicarnassus gee fyner besonderhede i.v.m. die tempel.²⁹ Die hoë, deeglike fundamente wat later selfs swaarder strukture kon dra, was 774 voet in omtrek, 200 voet lank en 180 voet wyd (60x 50m). Die hoogte van die tempel was 65 voet en die deursnee van die suile - voor aan die suidekant drie rye en een ry langs elke kant, 8 voet. Die essensiële Etruskiese kenmerk was die drie kapelle (cellae), parallel-aangrensend aanmekaar. Die massiewe suile het 'n pediment gedra wat met beelde van geverfde terracotta gedekoreer was. Die dominerende kenmerk van hierdie dekorasie was 'n quadriga met Juppiter daarin, 'n werk van Volca.

Grenier vestig die aandag op bestaande kritiek, naamlik dat die afmetings van die tempel darem baie groot is.³⁰ In hierdie verband verwys ons na 'n uitspraak van Cook n.a.v. die tempelkompleks van Juppiter te Baälbek: „Greeks and Romans alike seem to have argued that, the greater the god, the more grandiose must be his dwelling place.”³¹ In sy beskrywing van die indrukwekkende kompleks maak Cook

27. i. 56.

28. Phases, 169-170.

29. iv. 61 - Grenier, op. cit., p.21-24.

30. Id., p.23.

31. Zeus, a study in ancient religion, i, p.563.

ook melding van 'n kolossale, onvoltooide rotsblok in 'n nabygeleë steengroef, lengte 21,72 m., een end 4,30 m., ander end 5,30 m.: „The unknown architect dreamed of employing an even vaster block.”³² Die grootte en grootsheid van die Kapitooltempel behoort 'n mens nie te verbaas nie. Dit is 'n logiese daad van die kant van Juppiter se aanbidders in wie se gedagtes hy die beste en grootste was.

Juppiter se tempel is voortdurend in stand gehou. Dwarsdeur al die jare het dit in die brandpunt gestaan as belangrikste religieuse sentrum. Kosbare plegtig-beloofde offers het konstant uit alle oorde hierheen gestroom om die tempel te versier en sy skatte aan te vul.³³ Die oorspronklike tempelgebou het blykbaar vir vierhonderd jaar bly staan, naamlik tot 83 v.C. In hierdie jaar is dit deur 'n brand in puin gelê.³⁴ Sulla onderneem die rekonstruksie en Caesar voltooi dit in 46 v.C. Die ou vulkaniese rots- en stucco-bedekking is met wit marmer vervang. Die drie-voudige kolonnade voor en die suille aan die kante kom van die tempel van Zeus te Athene. In 70 n.C. brand die tempel weer af. Vespasianus herstel dit dadelik met groter glans. In 80 n.C. word dit weer die prooi van vlamme. Twee keisers werk aan die herstel daarvan, Titus en Domitianus. In 82 n.C. vind die herinwyding van 'n

32. Ibid.

33. Seyffert, A dictionary of class. antq., p.338.

34. Ibid.; Dumezil, op. cit., p. 286.

grootser tempel deur Domitianus plaas.³⁵ Hy bou ook 'n kapel aan Juppiter Conservator en 'n tempel aan Juppiter Custos op die Kapitool.³⁶

In 455 n.C. is die Kapitoelse tempel finaal deur die Germane verwoes. Dumezil vertel dat Pous Honorius I in die tweede kwart van die sewende eeu die oorblyfsels in die konstruksie van die nuwe basiliek van die heilige Petrus gebruik het, „and with this symbolic transferral of material a career of more than eleven hundred years was ended”.³⁷ 'n Totale verval en geestelike transformasie het gevolg. Niemand kon hom later die plek herinner waar die grootste ryk van voor-christelike tye vierkeer sy geloof geplant het nie.³⁸

Saam met Fowler moet die uitbeelding van Juppiter in sigbare vorm betreur word. Tereg merk hy op: „The old Roman invisible numen....was a far nobler mental conception, and far more likely to grow into a power for good, than the miserable images of Graeco-Roman full-blown gods”.³⁹ 'n mens sien hulle aanlê asof hulle soos mense 'n ete wil geniet. Fowler meen dat hierdie opvatting van die gode die gedagtes van die mense laat weg dwaal het van die mag wat homself in die heelal geopenbaar het.⁴⁰ „Wenn der Römer Iuppiter sagte, tauchte fortan vor

35. Suet., Domit. 5.

36. Paulys, op. cit., 1139 - Tac., hist.iii.74, Suet. Domit. 5.

37. Op cit., p. 286.

38. Ibid.

39. R.E., p.264.

40. Id., p. 265.

seinen Augen nicht mehr der Himmel oder der Blitz auf, sondern das Bild, das er im Tempel gesehen hatte", baken Latte die beswaar teen die beeld duidelik af. ⁴¹

Tog wil ons nie glo dat Juppiter se beeld die geestelike visie van die Romein so beperk het, dat hy nie meer verder kon sien as die kunswerk van menslike hande nie. Dumezil se opmerking „Juppiter did not have to wait for his statue to be a person“⁴² noop ons om ook te beweer dat sy beeld nie daarin kon slaag om hom as lewende werklikheid, as alvermoënde persoon in die gedagtegang van die godsdienstige denke van die Romein uit te wis of te verklein tot 'n koue, magtelose beeld nie.

Volgens Varro se oorlewering het Tarquinius Priscus ene Volca uit Veii ontbied aan wie hy die taak opgedra het om 'n beeld van Juppiter in die Capitolium (tempel van Juppiter) te vervaardig.⁴³ Daar word na die Etruskiese terracotta-beeld as „elaboratam hanc artem“ verwys. Met sorg het Volca sy beeld met 'n palmtakversierde tuniek en goudomsoomde purpertoga geklee, die kostuum van die latere triomferende Romeinse generaal.

Cook verwys na twee skilderye uit Pompeii van 'n latere beeld van Juppiter.⁴⁴ Die skildery van die Casa del naviglio toon die god op 'n troon teen 'n rooi agtergrond, hoof rustend op sy regterhand,

41. Römische Religionsgeschichte, p.150.

42. Op. cit., p. 285.

43. Plinius, N.H. xxxv.157:...Iovis effigiem in Capitolio dicandam; Ov.,Fast.i.201(Bailey, Phases, p.117).

44. Op. cit., p.34.

diep-nadenkend. In sy linkerhand hou hy 'n septer. Sy haarlokke is deur 'n blou nimbus omsirkel en rondom sy knieë is 'n mantel van blou skakerings gedrapeer. Sy voete in sandale rus op 'n voetstoel en daarnaas sit sy arend, kop na hom gedraai. Die skildery van die Casa dei Dioscuri is min of meer dieselfde. Die troon is in glimmerende blou gedrapeer. Juppiter se regterhand met 'n bliksemstraal daarin rus op sy knie. Sy linkerhand is omhoog met 'n septer daarin. 'n Goudomboorde mantel dra verder by tot die koninklike majesteit. Agter hom staan die godin van oorwinning met 'n goue blarekroon wat sy op sy hoof plaas. Langs hom is daar behalwe sy arend ook 'n blou bal op 'n vierkantige voetstuk.

Die skilderye toon 'n groot ooreenkoms met Apollonios se beeld van Juppiter Capitolinus, 'n kopié van Pheidias se Zeus-beeld. Van die bal sê Cook: „This was a definitely Roman adjunct: it had no counterpart in the temple of Zeus at Olympia.“⁴⁵ Cook sê dat dit blyk dat die standbeeld van Juppiter Capitolinus 'n populêre tema by skilders was; derhalwe meen hy dat die skilderye van Pompeii 'n voorstelling is van die kultusbeeld van Juppiter Capitolinus in die tempel wat Vespasianus in 70 n.C. begin bou het.⁴⁶ 'n Kopermuntstuk deur hierdie keiser gemunt, bevestig die vermoede verder.⁴⁷ Dit toon die voorgewel van die nuwe tempel. Tussen die sentrale suile sien 'n mens die beeld van Jup-

45. Id., p.53.

46. Id., p.43.

47. Ibid.

piter, sittende in die presiese plek en met dieselfde bybehore soos uitgebeeld op Pompeii se skilderye. Die bal langs Juppiter en Victoria agter hom is waarskynlik weens die klein skaal van die ontwerp uitge-
laat.

Romeinse geldstukke begin nou die keiser op 'n troon met 'n aardbol in sy hand en Victoria agter hom toon. „.....the emperor has stepped into the shoes of Iupiter“, merk Cook op.⁴⁸ Sy „of“-gedeelte is eerder waar: Juppiter het sy koningskap aan die keiser gedelegeer; hy is die gewer daarvan. Vanaf Commodus tot Diocletianus verskyn Juppiter op muntstukke, besig om die aardbol aan sy menslike verteenwoordiger te oorhandig. Treffend is die uitbeelding van hierdie nuwe, geestelike faset van die Juppiter-gestalte, naamlik die bron van gesag wat dit ook aan mense verleen. Juppiter beklee die keiser met koninklike gesag.

Ferguson maak melding van 'n vraag aan Pheidias, die beeldhouer van Zeus, of die godheid voldoende in menslike vorm afgeteken is.⁴⁹ Sy antwoord was dat dit nie in sy vermoë is om intelligensie uit te beeld nie. Hy het sy toevlug tot die menslike liggaam as 'n draer en simbool van intelligensie geneem en sommige van die kultustitels van Zeus soos vader, koning, bewaarder, gewer so ver as menslik moontlik in die karaktertrekke probeer weergee. 'n Belangrike erkenning van die kant van hierdie beeldhouer onderstreep ons eie mening: „Yet die great

48. Id., p.46.

49. The religions of the Roman empire, p.39.

lord of nature who sends rain, hail and snow, the rainbow and the meteorites, who directs the fortunes of war, and weighs the fate of men in the balance, who shakes the universe by a movement of his brow, he cannot be portrayed by art."⁵⁰

5. VOTUM VAN DIE KONSULS.

Numa Pompilius se koningskap is deur Juppiter bevestig. Livius verhaal van hierdie gebeurtenis toe 'n augur die koning na die Kapitol-heuwel geleidelik om Juppiter se goedkeuring met die inhuldigingte verkry. Die augur se woorde lui soos volg: „Iuppiter pater, si est fas hunc Numam Pompilium cuius ego caput teneo regem Romae esse, uti tu signa nobis certa adclarassis inter eos fines quos feci.”⁵¹ So word gesien dat Juppiter met die gawe van leierskap geassosieer is. Hy moet as groot koning die leierskap van die koning van Rome sanksioneer.

As die Romeinse konsuls later hulle leierskap aanvaar, wend hulle ook eers die skrede na die Kapitol en na Juppiter. In optog kom hulle met 'n tweërlei doel na hierdie eerbiedwaardige heuwel: om 'n gelofte aan Juppiter te betaal en 'n nuwe een aan hom te maak. Die vorige konsulpaar het naamlik 'n plegtige gelofte afgelê. As Juppiter die staat vir die komende jaar teen ramp en onheil sou beskerm, sou 'n offer van waardevolle wit bulle

50. Ibid.

51. i. 18.

aan hom gebring word. Hierdie belofde offer word nou deur die twee nuwe konsuls ten uitvoer gebring.⁵² Geklee in hulle purperomsomde togas word hulle deur liktore tot by die tempel van Juppiter op die Kapitol gelei. Hier word die wit bulle geslag as 'n offer van erkentlikheid en dankbaarheid aan Juppiter vir sy beveiliging van die staat. Die offers van die voorgangers is betaal, die votum nagekom.

'n Nuwe jaar lê voor. Die toekoms is onseker en vol gevare. Juppiter moet weer die staat in sy beskerming neem; daarom maak die konsuls 'n nuwe gelofte. Dit is hulle tweede belangrike funksie wat prioriteit op hierdie dag geniet. Hierna vergader die senaat in die tempel, 'n soort feesvergadering waarop besondere aandag aan religieuse sake gegee word.⁵³ Varro se handboek adviseer Pompeius, konsul in 70 v.C., om religieuse sake eerste op die agenda te plaas. Gereëlde gebede as inleiding tot publieke vergaderings word beklemtoon.⁵⁴ Livius wys daarop dat die waarneming van klein religieuse puntjies Rome groot gemaak het.⁵⁵

Die omvangrykste votum was die „ver sacrum“, 'n gewyde lente. Dit geskied gedurende kritieke

52. Ogilvie, *The Romans and their gods*, p.73;

Dumezil, *op. cit.*, p. 287.

53. De Lepper, *De godsdienst der Romeinen*, p.85; Liv. xxiii.31.1.

54. Aulus Gellius, *Noctes Atticae*, xiv.7.9.- Ogilvie, *op.cit.*, p.112.

55. vi. 41. 8.

tye. As Juppiter die staat gedurende die volgende vyf jaar in stand sou hou, sou so 'n lente aan hom gewy word. Dit hou in dat alle nuutgebore diere van die betrokke lente aan Juppiter geoffer sou word. So 'n „ver sacrum” is in 217 v.C. gedurende die kritieke tyd van die tweede Puniese oorlog aan Juppiter belowe.⁵⁶

6. JUPPITER STATOR EN VICTOR.

Die Kapitoool-heuwel en sy tempel is ook die eindbestemming van die triomferende Romeinse generaal. Mars is nie die enigste oorlogsgod nie. Hy verpersoonlik of verteenwoordig die fisieke geweld van oorlogvoering. As dit egter kom by die fynere, geestelike aspekte, soos veral dapperheid, word daar na Juppiter opgesien. Uit sy hand kom die glansryke gawe van die oorwinning. „His contribution to victory was not the same as that of Mars”, merk Dumézil op.⁵⁷

Geskiedskrywers skryf aan Romulus die ontstaan van hierdie andersoortige Juppiter-kultus i.v.m. oorlog toe. Dumézil vertaal Romulus se woorde aan Juppiter soos volg: „Deliver the Romans from their terror, and stay their shameful flight.”⁵⁸ Die konsul M. Atilius Regulus gaan selfs so ver om in 294 v.C. 'n tempel aan Juppiter Stator te wy.⁵⁹ In

56. De Lepper, op. cit., p.94; Akroterion, xviii, 2 Jun. 1973, p.11-14.

57. Op. cit., p. 188.

58. Id., p.18; Liv. i.12.4-6.

59. Liv. x. 36. 11.

146 v.C. ontvang Juppiter 'n soortgelyke tempel om hom as die god wat weerstandvermoë en dapperheid gee te huldig. 'n Goue muntstuk van keiser Antoninus Pius met die inskripsie „Iovi Statori" daarop getuig steeds van hierdie besondere eienskap van die god. Juppiter verander die harte van die retirerende soldate en stuit die terugtog van die leër. Hy vervang die lafhartigheid met onverskrokke dapperheid.

Dapperheid lei tot oorwinning. Juppiter gee dapperheid; derhalwe is oorwinning ook 'n gawe van Juppiter en pas dit die mens om hom daarvoor te dank. Hy is die eintlike oorwinnaar wat die troepe laat seëvier. Aan hierdie animistiese aspek van die alvermoënde Romeinse god wil die konsul Q. Fabius Maximus sigbare gestalte gee as hy in 295 v.C. 'n tempel ter ere van Juppiter Victor oprig.

Verskeie militêre handelingte het in die geestelike skadu van die Capitolium plaasgevind: werwing van troepe deur die konsul; beraadslagingte deur die senaat oor oorlogsverklarings, wapenstilstand of vredesonderhandelinge.⁶⁰ Hier offer die veldheer aan Juppiter voor sy vertrek na die slagveld en lê hy sy geloftes af aan die god van oorwinning.⁶¹ As hy oor die vyand seëvier, sal hy as debiteur van Juppiter na Rome terugkeer.

7. TRIOMFERENDE GENERAAL.

Fowler sien 'n voorafskaduwing van die beroemde

60. Liv. xxvi.31.11, xxxiii.25.7.

61. Id., xLii. 49.1.

Romeinse triomf in die eertydse ophang van die „spolia opima" deur Romulus aan die eik op die Kapitol: „Here we may see the earliest trace of the triumphal procession that was to be."⁶² Die triomferende Romeinse generaal keer na sy oorwinning as 'n debiteur van Juppiter terug: „...the most striking manifestation of the understanding between the god and the people", vertolk Dumezil die generaal se ootmoedige optrede.⁶³ Die grootse triomftog van die veldheer is in wese 'n religieuse handeling wat in die treffende eerbetoon aan die groot god van die Kapitol kulmineer. „Einer Dankesfeier zum Preise des Juppiter Optimus Maximus", is Aust se korrekte tipering; „...the most brilliant of all religious ceremonies", beskryf Bailey dit.⁶⁴

Die opvallendste figuur in die optog is die triomfator: „ein lebendiges Abbild des Capitolinischen Juppiter."⁶⁵ Hoog en fier staan hy op sy vierskaar, geklee in 'n palmtakversierde tunica en purper- en goudgestikte toga. Sy gesig is rooi geverf, in sy regterhand hou hy 'n louriertak vas, in sy linkerhand 'n ivoorsepter met 'n arend op die punt. Op sy hoof rus 'n lourierkroon en bokant dit hou 'n slaaf 'n swaar, goue kroon. Vir 'n paar uur is die triomferende generaal die verpersoonliking van Juppiter, want hy beweeg in die insignia van die

62. R.E., p.130.

63. Op. cit., p.288.

64. Die Religion der Römer, p. 123; Phases, p.170.

65. Ibid., Aust.

god, „Iovis Optimi Maximi ornatu decoratus.”⁶⁶
Die geverfde gesig van die oorwinnaar dui verder
daarop dat hy ten volle met Juppiter geïdentifi-
seer word. Die Juppiter-beeld in die Capitolium
vertoon 'n rooi, erdeware-kleur. „Thus the Capi-
toline god was truly Juppiter praesens among his
people”, merk Dumézil op.⁶⁷

Kerenyi wys daarop dat Juppiter in sy kapa-
siteit as oorwinnaar deur 'n man verteenwoordig
word, die triomferende veldheer.⁶⁸ Want Juppiter
is self die oorwinnaar wat hom in die oorwinnings-
aspek en nie in uiterlike vorm openbaar nie.⁶⁹
Te midde van al die uiterlike vertoon staan die
animistiese aspek tog duidelik op die voor-
grond. „Trouwens, was de god, die aan de Ro-
meinse Staat de heerschappij over heel de
wereld had geschonken, niet daarom alleen

66. Liv. x.7.10.

67. Op. cit., p. 290.

68. The religion of the Greeks and Romans,
p. 234.

69. Ibid.; Altheim, A history of Roman re-
ligion, p. 424 : „That is why the trium-
pher moves along in the garb of the god,
and why the identification rises to the
pitch of compelling the triumpher to co-
lour his face with vermilion, in order
by the red colour of his skin to resem-
ble down to the last detail the archaic
image of Juppiter.”

reeds de hoogste god van alle?", vra De Lepper.⁷⁰
Oorwinning lei tot heerskappy en Juppiter laat die mens van sy keuse heers.

Oor die Marsveld en die Circus, verby die Palatyn en die Forum, met die Sacra Via langs beweeg die triomftog op weg na die Kapitool. Magistrate en senatore neem die leiding. Na hulle volg die belangrikste oorlogsbuit en praalwaens. Nou kom die komponent wat 'n besondere karakter aan hierdie luisterryke opmars verleen: die wit offerstiere met vergulde horings, kranse en veelkleurige bedekkings.⁷¹ Volgende aan die beurt is die vernaamste krygsgevangenes en gyselaars. En dan volg die seëvierende generaal in sy Juppiter-gewaad. Sy singende soldate vorm die agterhoede. Die volgorde van Hadas se voorstelling van so 'n optog wat hy op reliëfwerk van Trajanus baseer, is effens anders.⁷² Op die voorpunt word 'n beeld van Juppiter gedra. Heel agter volg die generaal. Die optog word deur senatore en magistrature afgesluit.

„Der capitolinische Tempel ist das Ziel des Triumphzuges“, sê Wissowa.⁷³ Hier aangekom, klim die triomfator af en lê sy lourierkroon, „der Ehrenpreis des Triumphators“,⁷⁴ in die skoot van Jup-

70. Op. cit., p. 188.

71. Cf. Aen. ix. 626, Ascanius se gelofte aan Juppiter: ipse tibi ad tua templa feram sollemnia dona, et statuam ante aras aurata fronte iuvenum candentem.

72. Imperial Rome, p. 58.

73. R.K., p. 111.

74. Ibid.

piter. ⁷⁵ Dan volg die offerande van die wit stiere. „For the whole Roman people, this day is an extraordinary experience, from which, as from a spring, they draw new reasons for hope and pride“, vertolk Dumezil die toeskouers se emosies.⁷⁶ Hulle aandag word deur die voorkoms van die generaal op Juppiter gevestig. Dan volg hulle oë die oorwinners tot by die beeld van die groot oorwinnaar-god om hóm as Juppiter Optimus Maximus raak te sien. So beeld die triomftog op majestueuse wyse die oorwinningaspek van die god, dié groot sieraad en aantrekkingskrag van sy animistiese karakter, uit.

Dumezil vertel ook van Plutarchus se beskrywing van die beroemde driedaagse triomftog van L.Aemilius Paullus na sy oorwinning te Pydna oor Perseus in 168 v.C.⁷⁷ Konsul Paullus slaag daarin om met 'n beter gedissiplineerde leër die geweldige opmars van die Masedoniese falanks die hoof te bied. Cary skets die stormloop van die vyand goed: „The phalanx charging in one massive corps of 20,000 men over level ground, flung back the Roman front and gave Paullus, as he afterwards avowed, the most terrifying impression of his lifetime.“⁷⁸ En dan

75. Cf. Plin., n. h. xv. 134: (laurus) in gremio Iovis Optimi deponitur, quotiens laetitiam nova victoria adtulit.

76. Op. cit., p.288.

77. Ibid.; Plut., Aem. Paul, 32 - 34.

78. A history of Rome, p.207.

keer hy terug na Rome om sy dank aan Juppiter te betuig en die grootheid en mag van die god te demonstreer.

Op die eerste dag vertoon Paullus op 250 strydwaens die gebuite standbeelde en skilderye. Op die tweede dag vind baie waens hulle weg deur die strate van Rome, oorlaai met die mooiste en rykste Masedoniese wapentuig, kopstukke, skilde, borsplate, swaarde, pylkokers, spiese, kletterend en skitterend in die son, 'n skrikwekkende skouspel - die wapens van 'n oorwonne vyand wat nie teen Juppiter kon standhou nie. Drieduisend man volg die waens. Hulle dra 750 houers, bevattende drie talente silwermuntstukke elk. Daar is ook diepgegraveerde mengbakke van silwer, drinkhorings, bekere.

Trompetgesketter kondig vroeg op die derde dag die klimaks van die triomftog aan. Jongelinge lei die offerdiere, 120 gevoerde osse met vergulde horings en blomryke kranse. Ongeveer tagtig houers met drie talente gemunte goud in elk volg die osse. 'n Gewyde bak van tien talente goud en versier met kosbare juwele is volgende aan die beurt. 'n Leë strydwa met die wapens en kroon van die verslane koning rammel verby. Nou stap sy drie kinders verby. Hulle vul die harte van die omstanders met deernis. „They were not very conscious of the magnitude of their evils because of their tender age“, merk Dumezil op.⁷⁹ „The pleasure of the spectacle

79. Op. cit., p. 289.

was mingled with pain, until the children had passed by."⁸⁰ Hulle vader volg hulle. Hoog bokant hom op 'n rykversierde strydwa staan die triomfator, sy met goudverweefde purpermantel wapperend in die wind. In sy regterhand hou hy 'n louriertak. Sy soldate, louriertakke in die hande, volg hom, singende hulle oorwinningslied ter ere van die groot Juppiter in wie se geestelike krag hulle oor die vyand getriomfeer het.

80. Ibid.

H O O F S T U K V

JUPPITER EN DIE FIDES-ASPEK

1. DIE EED.

Die hoë en prysenswaardige begrippe van getrouheid, geregtigheid en waarheid het die Romein ook beskou as eienskappe van Juppiter. Hierdie morele karaktertrekke verleen aan die hemelgod n unieke posisie in die Romeinse teologie, is Fowler se opmerking.¹ Juppiter staan feitlik alleen onder die Romeinse gode as n god met morele aspekte. As n kenner van die hart moet hy dit in getrouheid bewaar. Hy is die beskermer van ede en die bewaker van die confarreatio-huwelik. Verbrekers van hulle erewoord moet deur hom gestraf word.

Dumezil se interpretasie van die fides-aspek lui so: „Fides was the key to relationships among men, or even among men and gods...”² Hierby kan ons voeg dat getrouheid ook die sleutel was tot n geslaagde huwelik tussen man en vrou. Vir hierdie getrouheid wat die Romein nodig gehad het om met sy medemens oor die weg te kom, het hy sy toevlug tot Juppiter geneem. n Tasbare bewys waarmee die Romein sy begeerte na getrouheid wou demonstreer, was die „lapis sillex” in die Feretrius-tempel van Juppiter. Die vuurklip met sy latente krag het aan Juppiter herinner en was vir die Romein miskien n simbool van die god se verterende vuurgeweld wat hy

1. Festivals, p.141; Hus, Greek and Roman religion p.108.

2. Archaic Roman religion, Vol.2, p.400.

in sy weerligstrale neergeslinger het.

Die collegium van Fetiales was n priestergroep wie se belangrike taak dit was om die sluiting van verdrae tussen die Romeine en ander volke waar te neem. Vir hierdie godsdienstige funksie is die silex uit Jupiter se tempel na buite geneem. Die animistiese beskouing van Jupiter tree hier sterk na vore. Soos nêrens anders word die invloed van die plattelandse lewe hier gesien nie: n lewe onder die oop hemel en die bewustheid van die mens van die alomteenwoordigheid van die alsiende Jupiter. Die Romein het hierdie gevoel oor Jupiter altyd saamgedra in die god van die eed. Hy, Jupiter, sal toesien dat geregtigheid geskied.

„Per Iovem lapidem” - so het die Jupiter-eed bekendgestaan. „The most solemn oath of all”, noem Fowler dit;³ „...der Schwur beim Jupiter Lapis die heiligste und schwerste Bekräftigung”, is Wissowa se tipering.⁴ Vergilius roep Jupiter as getuie aan tydens die geveg tussen Aeneas en Turnus: „audiat haec genitor, qui foedera fulmine sancit.”⁵ Livius gee n voorbeeld van n vredeverdrag tussen die Romeine en Alba Longa. Die pater patratus, mondstuk van die fetiales, is aan die woord: „Audi, Iuppiter; audi, pater patratus populi Albani; audi tu, populus Albanus. Ut illa palam prima postrema ex illis tabulis cerave recitata sunt sine dolo malo, utique ea hic hodie

3. Fest., p.138.

4. R.K., p.103.

5. Aen. xii. 200; ix. 429: caelum hoc et conscia sidera testor; cf. viii. 639.

rectissime intellecta sunt, illis legibus populus Romanus prior non deficiet. Si prior defexit publico consilio dolo malo, tum tu ille Diespiter populum Romanum sic ferito, ut ego hunc porcum hic hodie feriam, tantoque magis ferito, quanto magis potes pollesque."⁶

As die ooreenkoms geskend en genoegdoening geëis word, word Juppiter as getuie aangeroep. As daar na 38 dae geen gehoor op die eise gegee word nie, word daar, nadat Juppiter eers weer aangeroep is, tot oorlogverklaring oorgegaan.⁷ Telkens word die god se sanksie ingeroep as hulp vir die mens in sy verpligtinge. Juppiter moet die mens help om getrou te wees en geregtigheid te laat seëvier.

Die eed by die hemelgod het as die belangrikste bly voortbestaan. Watter verband bestaan daar tussen Juppiter en die eed?, vra Fowler.⁸ As alsiende god kon geen geheime vir hom verberg word nie; ook geen voorneme om aan n mens se woord ontrou te wees nie.⁹ Cicero vereenselwig die hemelgod met die sweerder se eie gewete: „Cum iurato sententia dicenda sit, meminerit deum se habere testem, qua nihil homini dedit deus divinius."¹⁰ Getrouheid is dus n goddelike gawe. Daarom ook is die oorspronklike straf vir die valse sweerder die dood.

6. i. 24.

7. De Lepper, De godsdienst der Romeinen, p.115.

8. Roman ideas of deity, p. 40.

9. Cf. Seneca, De Beneficiis iv. 8: Quocumque te flexeris, ibi illum videbis occurrentem tibi.

10. De off. iii. 44.

Die Juppiter-eed het nie alleen die basis vir internasionale betrekkinge gevorm nie, maar ook vir onderlinge verstandhoudinge tussen burger en burger. Die partikuliere eed kon by *Dius Fidius* gesweer word, een van die ou gode wat van vroeg af reeds n etiese invloed op karaktervorming gehad het.¹¹ Hy is ook geïdentifiseer met *Semo Sancus*, n Latynse naam vir dieselfde religieuse opvatting, „that of the bond which religious feeling places on men in their duties to, and contracts with, each other.”¹² *Dius Fidius* is baie nou verwant aan Juppiter en skyn n ander verskyningsvorm van hom te wees.¹³

Die *Dius Fidius*-eed is ook onder die vrye hemel of in die onbedekte atrium-gedeelte van die huis geneem.¹⁴ Hierdie god of goddelike faset van Juppiter het n tempel op die *Quirinalis*-heuvel gehad wat tot so ver as die *Tarquinius*-tyd teruggevoer word.¹⁵ Hier sou die Romeine hulle oudste ooreenkoms tussen *Tarquinius Supertus* en *Gabii* op n ou hout-clipeus bewaar het.¹⁶ Die woorde van die swerende individu wat in selfverwensing Juppiter se wraak oor die skender van die eed aangeroop het, het so gelui: „*Si sciens fallo, tum me Diespiter salva urbe arceque bonis eiciat, ut ego hunc lapidem.*”¹⁷

11. Fowler, *fest.*, p. 136-138.

12. *Ibid.*

13. *Id.*, *Roman ideas*, p. 41.

14. *Wissowa*, *op. cit.*, p. 121.

15. *Ibid.*

16. Fowler, *fest.*, p. 141.

17. Aangehaal deur *Wagenfoort*, *Imperium*, p. 52 en *Bailey*, *Phases*, p. 7-8.

Fowler wys daarop dat die praktiese gevolge van die beskouing van Juppiter as die mag wat die eed gesanksioneer het baie groot was. Sy pertinente slotopmerking staaf hierdie bewering: „I have been trying to show that the civilising power of the oath, and with it the elevation of the conception of truth and good faith, is not due to any deity but the Heaven-god as a god supreme, in whose presence you could not safely lie or forswear yourself.”¹⁸

2. DRIE FLAMINES BY FIDES-TEMPEL.

„Fides”, getrouheid, is n kenmerk van Juppiter. Hy is die god van getrouheid wat oor hierdie belangrike geestelike hoedanigheid waak, sodat dit nie geskend word nie. Hy sien toe dat die ontroue mens gestraf word. So hoog het die Romein getrouheid aangeslaan, dat hy n aparte tempel vir die godin Fides opgerig het. Rose sê dat Fides se kultus aan Numa toegeskryf word.¹⁹ Sy is dus n baie ou godheid wat met Juppiter geassosieer is, die luggod wat alles sien wat n mens doen. Fides is n projeksie van hierdie belangrike getrouheidsaspek van Juppiter.²⁰ As-of hulle konkrete gestalte aan hierdie abstraksie wil gee om die belangrikheid daarvan te beklemtoon, rig die Romeine n Fides-heiligdom op en wel op die Kapitol, digby Juppiter se groot tempel, die god van getrouheid wat oor getrouheid waak.

Getrou elke jaar op 1 Oktober baan die drie senior flamines, naamlik van Mars, Quirinus en

18. Roman ideas, p. 43.

19. Ancient Roman religion, p. 102.

20. Fowler, Roman ideas, p. 42.

Juppiter, hulle weg na hierdie Fides-tempel. Hulle kom om n offer aan Fides te bring. Die teenwoordigheid van die flamines dui op die hoë ouderdom van die Fides-kultus. „As has often been pointed out, the presence of flamines at a rite is always evidence of its antiquity“, merk Fowler op.²¹ Hy meen dat twee van hulle die samesmelting van die twee gemeenskappe van Septimontium en Quirinalis kon verteenwoordig het.²² Hulle tree in gesamentlike aanbidding op, terwyl Juppiter se priester, die Flamen Dialis, die sentrale ontmoetingspunt van die Kapitoel verteenwoordig.

In getrouheid wil die twee gemeenskappe mekaar ontmoet. Getrouheid is die voorwaarde vir n orde-like, gelukkige samesyn. Dit weet hulle en kom hierheen - na die Fides-tempel by die god van getrouheid - om gehelp te word. In groot piëteit bring hulle hulle offerande, die regterhande tot by die vingerpunte in wit doek toegedraai. Die betekenis van hierdie treffende kenmerk is die bedoeling dat die regterhand wat aan n ander in ere-woord gegee word, suiwer en skoon soos die gedagtes van die sweerder is.²³ So word die wit kleur in die Juppiter-kultus nou al n simbool van sy uitstaande kenmerke van ligrykheid, reinheid, waarheid en getrouheid.

21. Fest., p. 237.

22. Ibid.

23. Ibid.

3. DIE FLAMEN DIALIS.

n Groot geestelike kan n mens hom noem, Juppiter se priester, die Flamen Dialis. „Groot getroue" wil ons hom verder in hierdie verband van die fides-aspek tipeer. Voortdurend het hy in Juppiter se diens gestaan, dag en nag. „Assiduus sacerdos", noem Dumezil hom.²⁴ Die Flamen Dialis was vir die Romeinse volk n voortdurende herinnering aan Juppiter. Kerenyi stel dit raak: „In the life of his priest the Roman god of heaven walked among men."²⁵ Die lewe van die priester was n voorbeeld van toewyding aan Juppiter. „The pure and sacred being par excellence", word hy deur Dumezil genoem.²⁶ Hy is n spieëlbeeld van die heiligheid en reinheid van die liggod, sê Aust;²⁷ „a divine image out of the stuff of live", Kerenyi;²⁸ „a living sacred statue", Dumezil.²⁹ As spesiale priester van Juppiter het die Flamen Dialis groot respek by almal afgedwing. Soos n heilige voorwerp wat nie besoedel mag word nie is hy deur n menigte van beskermende maatreëls omring. Sy lewe het die karakter van n permanente feesviering gedra.³⁰ Hy het nooit gewerk nie en mog ook nooit iemand anders se feestelose handewerk aanskou het nie.

24. Op. cit., p. 581.

25. The religion of the Greeks and Romans, p. 233.

26. Op. cit., p. 153.

27. Die religion der Römer, p. 189.

28. Op. cit., p. 237.

29. Op. cit., p. 581.

30. Kerenyi, op. cit., p. 225; Dumezil, op. cit., p. 581: quotidie feriatus.

n Herout het voor hom uit gehardloop om mense van sy aantog te waarsku, sodat alle werk gestaak kon word.

Die amp van die Flamen Dialis dra die spore van n besondere hoë ouderdom.³¹ Die primitiewe karakter van die taboe-voorskrifte wat sy lewe aan bande gelê het, getuig hiervan. „Aan bande gelê het” is n ironiese woordkeuse, daar die bedoeling van al die voorskrifte vir Juppiter se priester juis was om hom teen belemmering te vrywaar en van die grootste vryheid te verseker.

Livius sê dat Numa gedurende oorlogtjye n Flamen Dialis aangewys het om te sorg dat die offerpligte tydens die koning se afwesigheid nie verwaarloos word nie.³² Dit verklaar waarom hierdie persoon sommige van die uiterlike tekens van n koning gehad het. Van die priesters het slegs hy die begeleiding van n lictor geniet, n aanduiding van n magistraat met dwingende mag; sy kleeed, n purperomsoomde toga, was ook dié van n magistraat; sy offisiële sitplek, n „sella curulis”, soos dié van n senior magistraat.³³ Soos n koning het hy sittingsreg op senaatsvergaderings gehad. Hy verteenwoordig n baie oustratum in die ingewikkelde religieuse geskiedenis van Rome.³⁴ Rose meen dat ons in die Flamen Dialis n oorblyfsel het van n koning wat sy sekulêre mag verloor het, maar sy religieuse funksie behou het.³⁵

Die Flamen Dialis was nie ongetroud nie, maar

31. De Lepper, op. cit., p. 80; Fowler, R.E., p. 109, 128.

32. Livius, a.u.c. i. 20. 1-2.

33. Rose, op. cit., p. 59-60.

34. Ibid.; Liv. xxvii. 8.8.

35. Ibid.

het n gesin gehad wat ook n toegewyde lewe gevoer het. Hy is uit n confarreatio-huwelik gebore - dit was n vereiste - en is ook self volgens hierdie voorgeskrewe oudste ritus van huweliksluiting in die eg verbind. Sulke huwelike is alleen deur die dood ontbind. As sy vrou tot sterwe gekom het, was die priester verplig om sy amp neer te lê. Kērenyi noem die gesinslewe van die Flamen Dialis „an exemplary family life; the artificially realised ideal of a Roman family.”³⁶ Hulle kon Juppiter op n volmaakte wyse dien, omdat hulle niks anders gehad het om te doen nie.

Die lewe van die Flamen Dialis is gekarakteriseer deur n reeks negatiewe reëls wat streng nagekom is. Aulus Gellius noem al hierdie reëls op.³⁷ Granger beweer dat die priester vroeër aan Juppiter geoffer is.³⁸ Dit is blykbaar gestaak sedert die gewoonte ontstaan het om die priester se hare onder n heilige boom te begrawe. Die hare het n substituut vir die lewe geword. In die lig hiervan voer Granger verder aan dat die reëls nie alleen die heilige karakter van die Flamen ongeskonde bewaar het nie, maar hom ook geskik gehou het vir offerande.³⁹ Hy is nie alleen teen verontreiniging beskerm nie, maar ook teen towery wat n spel op hom kon plaas of hom van die stad kon skei waarvan hy n sekuriteit van beveiliging was.⁴⁰

36. Op. cit., p. 224.

37. Noctes Atticae x. 15.

38. The worship of the Romans, p. 302.

39. Id., p. 262-263.

40. Ibid.

Die Flamen se hare en naels is slegs met bronsge-reedskap deur n vry man gesny. Uit vrees dat hierdie knipsels deur kwaadwillige persone vir n towerspel ge-bruik kon word, is hulle onder n „arbor felix” begrawe.⁴¹ Yster mag die priester nie aanraak nie. Rose wonder of dit nie op n terugdatering van sy amp tot in die bronstydperk dui, toe Rome moontlik deur n ystervolk oorwin is nie.⁴² Geen knope was verder toelaatbaar aan die persoon van Juppiter se priester nie. Sy ring is selfs deurgesny. Hy kon nooit onder n wingerd of klimop deurstap nie. Ferguson wys op die mag van die knoop: „The witch must have no knots about her person, no laced sandals, belted dress or tied-up hair, for then her spells might fetter her; but knots may be used to bind a spell on someone else.”⁴³ As n geboeide persoon die Flamen se huis betree het, is hy dadelik bevry en die boeie deur die impluvium gewerp. Slae is uitgestel vir 'n persoon wat voor die Flamen neergeval het.

Die Flamen Dialis het nooit n eed geneem of ge-sweer nie. Hierdie maatreël het die voorkoming van teëspoed beoog wat gepaard gegaan het met die ver-breking van n persoon se erewoord. Die Flamen skyn bokant die eed verhewe te gewees het. „Sein blotzes Wort war heilig”, sê Aust tereg.⁴⁴ Hierin vertoon die priester die trekke van sy god. Hy moet altyd ten volle gekleed wees met sy „apex” op, n wit mus

41. Ferguson, *The religions of the Roman empire*, p. 163; Frazer, *The golden bough*, p. 231-235.

42. Op. cit., p. 59-60.

43. Op. cit., p. 163.

44. Op. cit., p. 189.

van skaapvel met 'n houtpen afkomstig van 'n „arbor felix.“ As hy verklee, doen hy dit in 'n vertrek sonder 'n dakopening. Hy mag nooit vir meer as twee nagte (‘n latere vergunning) van sy bed, waarvan die pote met modder bestryk was, afwesig wees nie. En langs sy slaapplek het daar altyd offerkoeke gereed gelê. Vuur kon nie uit sy huis geneem word, behalwe vir gewyde doeleindes nie.

Oorlog was 'n verbode terrein vir Juppiter se priester. Om selfs na 'n leër te kyk, was 'n beletsel gewees; om 'n perd te bestyg, 'n oortreding. Alles wat met die dood of die onderwêreld te doen gehad het, was 'n ernstige taboe vir die priester gewees: 'n lyk, grafte, 'n bokooi, honde, rou vleis, bone, brood met suurdeeg daarin. Die voorsorgmaatreëls wat daarop gemik was om die Flamen Dialis in die regte verhouding tot die groot hemelgod te laat staan, was byna desperaat, sodat hy ten volle met hom kontak kon maak en hom sonder belemmering kon dien. So hoog was die Romein se agting vir die diens van Juppiter.

Vry van alle bande, volkome vryheid, groei, ontwikkeling, ontplooiing, volle oorgawe in Juppiter se diens was die voorwaarde. Van hierdie soort diens was die lewe van die Flamen Dialis 'n sprekende voorbeeld. Kerenyi wat baie diep gedelf het in die lewe van hierdie uitsonderlike priester kom tot die volgende treffende insig: „Something bright and exalted here turned its face to men and thus hinted also at a turning away from the darker spheres of existence - not in hatred but like a flower which turns away

from its root, in growth and development."⁴⁵ Hoër reik Kerenyi as hy praat van „this notion of cosmic brightness and clarity, the notion of a true Diespiter."⁴⁶ Dan dui hy die meer komprehensiewe begrip van Juppiter soos volg aan: „It includes that which lies deepest, in which men directly participate and through which they have contact with the highest."⁴⁷ Die lewe van die Flamen Dialis suggereer n wegdraai van die donkere, onheilige dinge, weg van die dood na die bron van lig en lewe, naamlik Juppiter.

4. DIE CONFARREATIO-HUWELIK.

Juppiter verleen ook sy sanksie aan die huwelik. Die teenwoordigheid van sy priester op elke huweliksbevestiging bewys dit. Dan bedoel ons die plegtigste en enigste suiwer-heilige vorm van huweliksluiting, naamlik die confarreatio.⁴⁸ Die woord is selfverklarend en dui op n saameet deur man en vrou. Hulle deel naamlik in die eet van n heilige koek wat van „far" gemaak is. Dit is spelt, n soort growwe koring. Die confarreatio word beskou as n oeroue instelling van Romulus. In hierdie funksie het Juppiter waarskynlik as Juppiter Farreus bekend gestaan.⁴⁹

45. Op. cit., p. 233.

46. Ibid.

47. Ibid.

48. De Lepper, op. cit., p. 78; Plin., n.h. xviii. 10: in sacris nihil religiosius confarreationis vinculo erat.

49. Gaius., inst. i. 112: farreo in manus conveniunt per quoddam genus sacrificii, quod Iovi Farreo fit, in quo farreus panis adhibetur; unde etiam confarreatio dicitur.

So kan die confarreatio as een van die oudste instellings van die Romeinse beskawing beskou word. Dit was die enigste waardige vorm van huweliksbevestiging vir patrisiërs en priesterskappe.

De Lepper meen dat die heilige koek van die huwelik nie van spelt, n jonger graansoort nie, maar van n ouer, slegter variëteit gemaak was.⁵⁰ Dit sluit goed aan by Kerenyi se verduideliking van die betekenis van die eet van die eenvoudige tarwekoek.⁵¹ Des te kleurloser die voorwerp van die fisiese handeling, naamlik die koek, was, des te meer gepas was dit om n geestelike werklikheid te vergestalt. Deur die heilige koek saam te nuttig, het die bruid en bruidegom met mekaar maar ook met die god gemeenskap verkry. n Geestelike vereniging word by wyse van n soort fisiese gemeenskap uitgedruk. „It was this real union which emerged from the ceremony in full clarity and truth“, triomfeer Kerenyi in sy ondersoek.⁵²

Harmonie tussen man en vrou is nodig vir n geslaagde huwelik. Getrouheid teenoor mekaar is ewe belangrik. Dit het die Romein geweet. Harmonie en getrouheid is geestelike kwaliteite waarvan daar geen sigbare of tasbare beeld buitekant die mens bestaan nie. Dis gawes van die hart wat by Juppiter gesoek moet word, want hy is die bron en gewer van getrouheid. Met sy hulp kan man en vrou in harmonie met mekaar saamlewe in n diepere, geestelike gemeen-

50. Op. cit., p. 78. De L. verwys na N. Jasny, *The wheats of classical antiquity*.

51. Op. cit., p. 228.

52. Ibid.

skap.

5. DIE OPNEEM VAN DIE TOGA VIRILIS.

Die gewone burger kom tweekeer gedurende sy lewe in noue aanraking met die Juppiter-kultus: met die opneem van die „toga virilis” en in die confarreatio-huwelik. Op sewentienjarige ouderdom word die „bulla” asook die „toga praetexta” van die kinderjare ter syde gelê en maak die jongeling hom gereed om die manlike toga op te neem. Hy het gekom tot volle jeugdigheid en volwassenheid, tot die fleur van sy lewensjare.

Die groot dag breek aan. Vergesel van sy vader en vriende gaan hy geklee in die toga virilis op na die Kapitoel. n Opvallende figuur in sy nuwe toga is hierdie jongman op pad na Juppiter se tempel om aan hom dank te betuig vir sy getroue beskerming gedurende die kinderjare en opnuut sy bystand te verkry vir die jare wat voorlê. Dit is weer eens die treffende kenmerk van hierdie seremonie: die erkentlikheid teenoor die groot god van getrouheid, die god van jeugdigheid.

Die godin Iuventas aan wie die jongman sy offer moet bring, word met Juppiter geassosieer.⁵³ Iuventas is n ander inwoner van die Capitolium. „Sie ist die Göttin der heranreifenden männlichen Jugend”, tipeser Wissowa haar.⁵⁴ Sy het waggehou oor „iuvenes”, die strydbare manne van militêre ouderdom. Die jongman in sy manlike toga moet n bydrae in die kof-

53. Rose, op. cit., p. 102.

54. R.K., p. 126.

fers van Iuventas of vroeër moontlik van Juppiter Iu-
ventus plaas.⁵⁵ „The sacred character of the early
years of a young Roman's life could hardly be more
closely marked“, merk Bailey op.⁵⁶

Daar bestaan n legende van Dionysius dat Juventas
net soos Terminus in die Capitolium ingesluit is.
„This obstinacy seemed to be a good omen; it was said
that it guaranteed to Rome a perpetual youth on its
chosen site“, voeg Dumezil by.⁵⁷ Jeugdigheid word as
n goddelike eienskap beskou. n Bekende vers in hier-
die verband is Vergilius se beskrywing van Charon van
die onderwêreld: „iam senior sed cruda deo viridisque
senectus.“⁵⁸ Dumezil maak melding van inskripsies
van Juppiter Iuventus.⁵⁹

M. Livius Salinator belowe in die oorlog van
207 v.C. teen Hasdrubal n tempel aan Juventas en ver-
sinnebeeld sodoende die animistiese aspek van ewige
jeugdigheid wat by Juppiter te vinde is.⁶⁰ Jeugdig-
heid is beskou as n uitstaande geestelike krag en
dryfvermoë gelyk aan die oorwinnende krag van Juppi-
ter. Die god van oorwinning openbaar homself in die
strydbaarheid van die jong krygsman. Daarom moet die
jongeling op die dag van sy manlikheid sy skrede na
die Kapitoel wend om erkentlikheid aan die gewer van
hierdie voortreflike, goddelike eienskap wat hy as

55. Bailey, The religion of ancient Rome, p. 46.

56. Ibid.

57. Op. cit., p. 200.

58. Aen. vi. 304.

59. Op. cit., p. 201.

60. Liv. xxxv. 36. 5.

jongman ook nou vertoon, te betoon. Juppiter sal self oor die kosbare gawe waghou, sodat dit nie ver-
spil mag word nie, maar tot dapperheid en oorwin-
ning lei.

H O O F S T U K VI

ALMAG EN ALOMTEENVOORDIGHEID

1. INLEIDING.

Vir die Romeine was Juppiter by uitnemendheid 'n animistiese godheid. Hy was die verpersoonliking van alles wat goed en edel is en het ook die mooiste dinge in die mens wakker gemaak: dankbaarheid, getrouheid, vroomheid. Kyk 'n mens in hierdie slothoofstuk terug op al Juppiter se aktiwiteite en funksies tot dusver, kan daar nie anders as tot die gevolgtrekking gekom word dat hy die draer was van die mees uitstaande geestelike hoedanighede nie. Hy was simbool van regverdigheid en heiligheid. Sy persoon het altyd gespreek van gravitas en dignitas, die basiese karaktertrekke van Romanitas. Sy uitwerking op die mens was dissiplinerend en kalmerend - soos in die natuur: „vultu, quo caelum tempestatesque serenat.”¹ Voor sy majesteit het almal tot stilstand gekom en die verhevenheid van die Romeinse keisers het dit nie oorskadue nie. Filosofiese denke het daartoe bygedra om sy animistiese karakter te beklemtoon.

Die woonplek van Juppiter, naamlik die lug of die hemel, suggereer nog meer sy animistiese karakter: oneindig, onpeilbaar. Sy naam is 'n weerspieëling daarvan: ligrykheid en gesag wat ook geregtigheid impliseer. Sy tekens en daede is 'n manifestasie van sy goddelikheid. Geen mens kan weerlig of reën voortbring nie. As die Grieke menslike eienskappe of behoeftes in Zeus kon ontdek, die Romeine kon dit nie in Juppiter vind

1. Verg. Aen. i. 255.

nie. Van Zeus sê Hus: „...only too human, partisan, liar, adulterer, violent, irascible, sensual." Maar Juppiter, „much less personal and far from human, united in himself the most characteristically Roman moral principles."²

Van oudsher af is Juppiter die beskermmer van die Romeinse staat - nog voordat die groot tempel op die Kapitoel opgerig is. In hom het die Romeine hul- le beskerming en sekuriteit vir voortbestaan gevind. Velleius Paterculus, 'n geskiedskrywer in die tyd van Tiberius, sluit sy geskiedenis met 'n gebed aan Juppiter af waarin hy hom om sy beskerming vra. Dis 'n suiwere Latynse gedagte om Juppiter as die be- hoeder van die staat te beskou, merk De Lepper op.³ Die jaarlikse fees op die Albanus-gebergte, die *Feriae Latinae*, was 'n hernuwing van die bondgenoot- skap tussen die verskillende stede van Latium. Maal- tyd is gehou met die groot, geestelike bondgenoot, Juppiter Latiaris. Vergilius se Aeneïs is 'n illu- strasie van Juppiter se beskermende bondgenootskap. Dis hy wat altyd die oog oor die roeping van Aeneas en die bestemming van Rome hou, „dum conderet urbem inferretque deos Latio."⁴ En as Rome gestig is, bly Juppiter die hoofbeskermheer daarvan wat bokant mense en ander gode verhewe is en in wie se hand die lotgevalle van mense en van Rome rus.

2. Greek and Roman religion, p.109.

3. De godsdienst der Romeinen, p.79.

4. Aen. i. 5-6, 278-279.

„He was there always to protect and aid the state in all its activities“, sê Bailey van Juppiter.⁵

As Cicero daarin slaag om Catilina se bose planne te fnuik, sien hy Juppiter se hand daarin. In sy derde toespraak erken hy spesifiek by name Juppiter se beskerming.⁶ Gedurende die inval van die Galliërs in 390 v.C. neem senatore en mans met vrouens en kinders hulle toevlug tot die Kapitoel en die Burg.⁷ Camillus slaag daarin om die vyand te verdryf. Spele word aan Juppiter opgedra wat sy eie heilige tuiste en die Kapitoel bewaar en die mense beskerm het. Goud word onder die troon van die god geplaas wat selfs nie in tye van geldskaarste aangeraak is nie. As daar sprake is van 'n verhuising na Veii vestig Camillus in sy toespraak almal se aandag daarop dat dit onmoontlik is om die „epulum Iovis“ van 13 September elders as op die Kapitoel te hou. Groot sal die skuld ook wees, as die Flamen Dialis nag vir nag uithuisig is. Die „fortuna loci“ kan nie oorgedra word nie. Hier woon Juppiter en by hom alleen vind 'n mens geluk en voorspoed.

Voorspoed en geluk en oorwinning word deur Juppiter geskenk. Dankbaarheid kom aan hom toe. Dit pas die oorwinnaar om erkentlikheid teenoor die groot triomfator te betoon wat die kosbare gewes van dapperheid en standvastigheid - animistiese eienskappe van homself - skenk. Juppiter se uitstaande geestelike eienskappe ontlok op hulle beurt nuwe gees-

5. Phases, p. 170.

6. In Catil.iii. 21.

7. Liv.v.50-54; Grant, Ancient Roman religion,p.43.

telike eienskappe by die mens. Dankbaarheid en blydskap by voorbeeld. In baie passasies van Plautus en Terentius se werk tref 'n mens die erkentlikheid teenoor die gode vir uitredding aan.⁸ Dieselfde vreugde en eerbewys word gebore as die mens Juppiter se seënende hand in die vrugbaarheid van die lande sien. Dan vier hy fees met hom.

Met so 'n god wil die mens intiem verkeer. In sy diens wil hy voluit staan en sy lewe aan hom wy - soos dié van die Flamen Dialis s'n. In „Pius Aeneas" skets Vergilius die vroom Romein wat in harmonie met Juppiter se hoë wil lewe. Die lewe van die Flamen Dialis sien op die heiligheid van Juppiter, een van sy sterkste animistiese karaktertrekke. De Lepper sê dat die aandag meer en meer op Juppiter gevestig is en dat dit skyn asof hy die mense se hunkering na 'n meer persoonlike god met sterker karaktereienskappe as die ander vae gode bevredig het.⁹ Hierdie behoefte ontstaan veral na die verstedeliking van die mens. Scipio Africanus se getroue besoek aan Juppiter se tempel in die jaar 200 v.C. illustreer die begeerte na geestelike kontak met die god.¹⁰ Scipio se persoonlike tempelbesoek is deur die buitestaander as wonderlik en onverklaarbaar bestempel. Hy kon tog nie telkens die tempel en beeld gaan besigtig het nie.

8. Fowler R.E., p. 252; Plaut., Capt. 922;
Iovi disque ago gratias merito magnas quom te
reducem tuo patri reddiderunt.

9. Op. cit., p. 43.

10. Aulus Gellius vi.1.6.; Liv.xxxvi.19;
Leopold, De ontwikkeling van het heidendom
in Rome, p. 46.

Dié het hy reeds goed geken. Tempel en beeld was slegs 'n vertrekpunt vir sy gedagtes. Tweehonderd jaar later skryf Suetonius dat keiser Augustus 'n getroue besoeker was van die tempel wat hy aan Juppiter Tonans op die Kapitoool gewy het.¹¹

2. GROOT GOD VAN DIE KEISERS.

Juppiter se verhewe majesteit is nie deur dié van die keisers in die skadu gestel nie, maar eerder beklemtoon. Hy gee aan hulle hulle majesteit. Hierdie erkenning blyk uit menige beeldhouwerk en muntstuk. Die grootheid van elke keiser is slegs 'n afskynsel van die groot koning, Juppiter Optimus Maximus. Juppiter is die beste en regverdigste regeerder oor almal. Hy laat mense regeer en gee aan hulle oppergesag en heerskappy. In hom sal hulle ook die noodsaaklike eienskappe van 'n ware heerser vind.

Op die Boog te Beneventum (115 n.C.) oorhandig Juppiter sy weerligstraal, simbool van mag aan Trajanus. „Our point here”, sê Ferguson, „is not the exaltation of the emperor's person, so much as the fact that Juppiter and Juppiter alone can empower him.”¹² Tydens sy wêreldreis om en by 120 v.C. gee Hadrianus 'n muntstuk uit met Juppiter daarop afgebeeld besig om die aardbol aan die keiser te oorhandig en in sy sorg te plaas. Aan die einde van Hadrianus se lewe verskyn 'n reeks muntstukke wat Juppiter as Oorwinnaar, Beskermer en Bewaarder vereer. Nuwe Juppitertempels word op verskeie plekke in die ryk opgerig.¹³

11. Aug. 15.

12. The religions of the Roman empire, p.40.

13. Id., p.41.

'n Medalje van Marcus Aurelius toon die groot figuur van Juppiter wat die keiser oorskadu. In 176 n.C. word 'n indrukwekkende tempel vir Juppiter op die Ianiculumheuwel gebou. Namate Rome gegroei het, het die aksent op Juppiter swaarder geword. Die eerbewyse aan hom is onbeperk, want sy geestelike kapasiteit is onuitputlik. Hy word nooit oud of afgemat nie, maar bly altyd jonk en vol krag en in staat om 'n helpende hand te reik. Die inskripsie „Iovi Iuveni" op 'n muntstuk van Commodus kan hiervan getuig.¹⁴ Dan verskyn die god weer met sy hand op die skouer van die keiser wat die aardbol vashou.

Juppiter bly altyd die sentrale figuur wat in elke regime sy verskyning maak: by Septimius Severus en Caracalla en Diocletianus as Conservator, Propugnator, Stator, Ultor. Die keiser word telkens vervang, maar Juppiter is die bestendige, ewigdurende faktor. Ons kan derhalwe nie met Ferguson saamstem as hy die klemelders blyk te laat val nie: „But above all, Juppiter spoke of the eternity of Rome."¹⁵ Rome en sy menslike inwoners is juis die wankelbare element in die hele opset van die Juppitergodsdienst. Ons wil Ferguson se woordorde omkeer: „Rome het getuie gelever van hulle groot god se ewige bestaan." Sy animistiese karakter en onverganklike eienskappe het in hulle aanbidding van hom ten volle uitgekristalliseer. Hy verteenwoordig die Roma Aeterna.

14. Ibid.

15. Id., p. 43.

3. GROOT GENIUS EN PATERFAMILIAS.

'n Begrip wat aan die deus-terrein gegrens het en met die jare in mening toegeneem het, was dié van die genius. Dit het so 'n belangrike beskouing geword, dat dit met 'n hoofletter aangedui kan word. Die vroeëre Romeinse huishouding is die eerste plek waar dit aangetref word. Genius het gestaan vir die besondere, misterieuse vermoë van die paterfamilias om die gesin te kontinueer en sy band met die gens in stand te hou.¹⁶ Wyn is as offer aan Genius gebring, veral op die verjaarsdag van die huisvader. Daar is ook by die genius van die hoof van die huis gesweer.

Genius was 'n geestelike begrip wat die goddelike element in die mens aangedui het. „It may be taken”, voer Fowler aan, „as indicating the divine force or life and action permeating the natural world, as well as human life individual or collective.”¹⁷ Die terrein van die Stoïsynse beskouing van die „animus mundi”, die wêreldsiel, word nou betree. Fowler haal Augustinus aan wat op sy beurt die groot outoriteit Varro aanhaal.¹⁸ Laasgenoemde beskou die wêreldsiel as die universele Genius.¹⁹ Die logiese konsekwensie van so 'n beskouing is om by die groot Paterfamilias van hierdie Genius uit te kom. Dit gebeur ook inderdaad. „Hic est igitur quem appellant Iovem”, is die klinkklare konklusie van Varro.²⁰ As Genius god is, bewys Varro verder, en die gees van die man sy genius, „sequitur ut sit omnis viri animus deus.” Varro noem

16. Fowler, Roman ideas, p. 17.

17. Id., p.20.

18. Ibid.

19. Civ. Dei vii. 13.

20. Ibid.

die Geniusbetiteling van Juppiter 'n besondere en voortreflike kenmerk.²¹ Ons wil sy beskouing huldig en onderstreep as 'n klimaks in die navorsing van die animistiese karakter van die Romeinse god Juppiter, die groot Paterfamilias en Genius van die Romeinse godsdiens wat behoudens sy talle voortreflike eienskappe ook die waarborg vir kontinuïteit was.²²

4. STOÏSYNSE BESKOUIING VAN JUPPITER.

Die filosofiese beskouing van die Stoïsynne van die wêreldsiel het aansluiting gevind by die animistiese karakter van die vroeë Romeinse godsdiens. „Unus divinus et continuatus spiritus”, is die woorde wat Cicero aangaande die gees van die wêreld in die mond van Chrysippus lê; „Quid enim aliud est natura quam deus et divina ratio toti mundo partibusque eius inserta?”, vra Seneca.²³ Om hierdie hoë, abstrakte, geestelike begrip duideliker te omlin, word na Juppiter verwys. Seneca noem hom en stel dit so: „...rectorem custodemque universi, animum ac spiritum mundi, operis huius dominum et artificem, cui nomen omne convenit.”²⁴ Elke naam pas Juppiter. Varro identifiseer hom met die Stoïsynne „animus mundi.” Al die ander gode is dele, eienskappe of deugde van hom.²⁵ Varro kom gaandeweg tot 'n monoteïstiese

21. Ibid:...restat ut eum singulariter et excellenter dicant deum genium, quem dicunt mundi animum ac per hoc Iovem.

22. Cf. Fowler, Roman ideas, p.22: Permanence, benevolence, and personality are all elements to be found in Genius, and I do not wonder that Varro brought him into touch with the greatest of all gods.

23. D.N.D. ii.v; De Beneficiis iv.7.

24. Nat. Quaest. ii. 45. 1.

25. Civ. Dei iv. 11. 13.

beskouing van Juppiter. Hy identifiseer hom selfs met die Joodse Jehovah.²⁶

Dit verbaas Fowler dat 'n konservatiewe Romein soos Varro die hemelgod kon afbring na die Kapitoel waar sy beeld tussen Juno en Minerva te sien was en leer dat hy dieselfde godheid as Jehovah is en dat beide identies is aan die wêreldsiel.²⁷ Dit is nie presies duidelik wat so verbasend is nie. Varro se redanasie is daarenteë 'n verdere bewys vir die animistiese karakter van Juppiter. Dit was nie baie moeilik om hom met die wêreldsiel of met Jehovah wat gees is te identifiseer nie, omdat hy self die hoogste en suiwerste geestelike begrip van godheid verpersoonlik het en hom niesteenstaande antropomorfistiese aanslae as sodanig gehandhaaf het.

„The Stoics helped to foster the exalted position of Zeus-Juppiter, for this was one, and probably the commonest, of their names for God”, wys Ferguson op die betekenisvolle rol wat die Stofsynse godsbeskouing in die handhawing van die oorheersende posisie van Zeus-Juppiter in die Grieks-Romeinse wêreld gespeel het.²⁸ As Leopold²⁹ en Ferguson³⁰ gewag maak van Epictetus, mees uitstaande Stofsynse wysgeer (50-125 v.C.) wat 'n groot invloed op Marcus Aurelius uitgeoefen het, dink 'n mens onwillekeurig aan Scipio Africanus en keiser Augustus asook die figuur van die Flamen Dialis. God was voortdurend in die sentrum

26. Id., xix. 22.

27. Social Life, p. 339.

28. Op. cit., p.40.

29. Op. cit., p.106.

30. Op. cit., p.195-196.

van Epictetus se gedagtes. Hy was bewus van God se nabyheid en het geglo dat God in 'n mens is. Geen daad of plan of gedagte kan vir God verborge bly nie. 'n Mens moet jou aan Hom onderwerp, Hom dank en van sy weldade vertel. Wat kan hy, kreupele ou man, anders doen as om God te loof?³¹

5. DIE FATUM-BESKOUIING EN JUPPITER.

Dit is veral in die Aeneïs waar die fatum-gedagte groot momentum verkry. Bailey sê dat die woorde „fatum" en „fata" om en by 120 keer in die Aeneïs voorkom; „...the astonishing penetration of the whole work by this one dominating conception", is sy opmerking hieroor.³² Menige skrywer trag om tot die grondbetekenis van die oorheersende fatum-konsepsie deur te dring. Bailey³³ en Postma³⁴ wei breedvoerig hieroor uit. Albei kom tot dieselfde gevolgtrekking: dat die fatum nie 'n onbekende mag buitekant of bokant Jupiter is nie, maar dat dit sy wil is.

Dit is nie heeltemal duidelik wat die fatum presies in die Aeneïs is nie. Soms lyk dit of dit 'n onberekenbare faktor is, iets soos die noodlot, en of Jupiter hieraan ondergeskik is. Voor die tweegeveg tussen Aeneas en Turnus hou Jupiter twee skale in sy hand³⁵ - „as waiting for the ultimate judgement of fate", merk Bailey op, maar voeg by: „yet it is he who holds the scales."³⁶ Die Romeinse konsuls en generaals wat aan Jupiter hulle geloftes gemaak en

31. Epictetus, Diss. 1.16.

32. Religion in Vergil, p.204.

33. Ibid.

34. De numine divino quid Vergilius senserit.

35, Aen. xii. 725.

36. Religion in Vergil, p. 142.

betaal het, kon aan geen ander mag bokant hom gedink het, en het ook nooit hiervan enige blyke gegee nie. In Juppiter se hand rus die lotgevalle van mense en van die Romeinse volk. Hiervan verseker Juppiter die godin Venus as sy haar lot teenoor hom bekla en haar vrees oor Aeneas se toekoms aan hom bekendmaak. „Parce metu”, sê hy aan haar, „Manent immota tuorum fata tibi.”³⁷ Hy belowe 'n roemryke toekoms.

Soms funksioneer die fatum as 'n mag naas Juppiter. 'n Indrukwekkende reël in hierdie verband is Juppiter se eie woorde: „rex Iuppiter omnibus idem: fata viam invenient.”³⁸ Bailey spreek hom driekeer hieroor uit: „...perhaps the most impressive religious phrase in all the Aeneid”³⁹; „...perhaps the most majestic of all the utterances of the Aeneid”⁴⁰; „...the most significant utterance of all.”⁴¹ Vergilius se versreël skyn te impliseer dat Juppiter hoe-genaamd nie aan die fata ondergeskik is nie. Hy is dieselfde teenoor almal. Die fata kan hom nie in sy optrede belemmer of kortwiek as hy iemand wil help nie. Hy kan almal help en niks kan hom hierin verhinder nie. Juppiter sluit sy belofte aan Venus so af: „neque me sententia vertit.”⁴² Die animistiese karaktertrekke van regverdigheid teenoor almal

37. Aen. i. 257-260.

38. Aen. x. 112.

39. Religion in Vergil, p. 136.

40. Id., p. 142.

41. Id., p. 230.

42. Aen. i. 260.

en soewereiniteit in sy wye sfeer van oppermagtigheid blyk duidelik uit die verhouding van Juppiter tot die fatum.

Bailey se interpretasie van die onderhawige versreël lui soos volg: „He (Juppiter) is perfect fairness and the fates, one cannot but feel here, are his will.”⁴³ Die fatum (wat verband hou met „fari”, om te spreek) word nou met Juppiter se wil geïdentifiseer. Postma kom tot dieselfde konklusie: „Fata igitur non extra Iovem esse posita neque fati ministrum esse Iovem poetam putavisse, sed intellexisse eo verbo Iovis voluntatem ac decreta videmur ostendisse.”⁴⁴ Juppiter is geen handlanger van die fatum nie. Die fatum is daarenteë sy wil of die wyse waarop sy wil ten uitvoer gebring word. Geen gebeure kan buitekant sy wil plaasvind nie. Daar kan ook geen ander mag wees wat saam met hom funksioneer nie. Hy is reeds met die wêreldsiel geïdentifiseer.

Hierdie besef was blykbaar ook dié van Vergilius. Dikwels praat hy van „fata deum”, „fata dei” of „fata Iovis.”⁴⁵ Bailey wys daarop dat hierdie uitdrukkings telkens in dieselfde samehang verskyn as daardie waarin die beherende mag „fatum” of „fortuna” is.⁴⁶ Voeg hierby die feit dat Juppiter „rex divum”, die

43. Id., p. 142.

44. Op. cit., p. 218; cf. Seneca hieroor, De Beneficiis iv.7, verwysende na Juppiter: Hunc eundem et Fatum si dixeris, non mentieris; nam cum fatum nihil aliud sit, quam series implexa causarum, ille est prima omnium causa...

45. Aen. iv. 614.

46. Religion in Vergil, p.231; Cf. Seneca, De Beneficiis iv. 8: Sic nunc naturam voca, fatum, fortunam; omnia eiusdem dei nomina sunt.

verteenwoordiger van die kollektiewe wil van die gode, is, blyk dit dat Vergilius baie naby beweeg het aan die Stofsynse wil van die wêreldgod wat hom in die universele eindbestemming gemanifesteer het.⁴⁷ „Juppiter knows fate and can speak it, because it is his will”, sê Bailey.⁴⁸ Hy hou die skale vas, want die besluit oor die verloop van sake wat die toekoms raak, berus by hom.⁴⁹

In Vergilius se beskouing van Juppiter en sy beheer oor die toekoms is daar 'n duidelike monoteïstiese tendens te bespeur. „Nec mirum est poetam ad monotheismum inclinavisse, si memoria tenemus, quae aetatis illius ratio ac voluntas fuerit”, merk Postma op.⁵⁰ Hiervan het Vergilius gesing: „Cecinit de divina iustitia, cecinit de divina misericordia”⁵¹ - van geregtigheid en medelye wat in Juppiter te vind is.

6. SEDELIKE INVLOED VAN JUPPITER OP DIE MENS.

In die sedelike invloed wat Juppiter op die Romeine gehad het, is die sterkste bewys van sy animistiese karakter geleë. „Wo Licht ist, da ist Wahrheit”, merk Aust treffend op.⁵² Juppiter is die bron van lig. Daarom straal die glansryke deugde van getrouheid, heiligheid en geregtigheid uit sy wese uit. Die ideaal van regskapenheid by die Romein kan veral aan die invloed van Juppiter toegeskryf

47. Id., p. 232.

48. Ibid.

49. Id., p. 231.

50. Op. cit., p. 218.

51. Id., p. 220.

52. Roscher, Ausführliches Lexikon, kol. 652.

word. „The test of religions must be their effect on the character”, dui Bailey 'n waarheid aan.⁵³ As daar een Romeinse god is wat aan hierdie toets voldoen het, is dit Juppiter.

Die proloog tot Plautus se *Rudens* word deur Arcturus, die helderste ster in die sterrebeeld Boötes, gelewer. Hy stel homself bekend as een van die sterre wat Juppiter rondom die aarde plaas om ag te slaan op die weë en dade van mense. Die valse sweerder se naam word in Juppiter se boek geskryf. Juppiter weet elke dag van die hart wat die kwaad begeer. Die naam van die deugsame mens word in 'n ander kolom aangeteken. Die kwaaddoener se offers is vergeefse moeite. Diegene wat getrou is teenoor mense en eerbiedig teenoor die gode word vermaan om daarin te volhard. Hierna sal hulle hulle regmatige beloning ontvang.

Aangesien Juppiter se naam vanaf die vroegste tye aan die eed, d.w.s. getrouheid, verbind is, kon sy assosiasie met sedelike gedrag nie vir die Romein 'n vreemde begrip gewees het nie.⁵⁴ Juppiter het 'n appél op die gewete van die mens uitgeoefen. Bailey verduidelik dit so: „...the reason in man, which bound him close to God, supplied a religious motive for morality.”⁵⁵ Volgens Stoïsynse beskouing het die mens 'n deel van die „divina ratio” besit.

53. *The religion of ancient Rome*, p. 103.

54. Fowler, *Social life*, p. 339.

55. *Roman religion and the advent of philosophy*, in *C.A.H.*, vol. viii, p.465.

Diefstal van staatsgelde het selde onder die Romeine voorgekom; by ander volke is daar selde 'n man gevind wat sy hande daarvan kon afhou.⁵⁶ Die morele indruk van die straffende hemelgod op die Romeine was van besondere diepgaande betekenis. Die Griekse geskiedskrywer Pollybius maak met groot waardering gewag van die sedelike karakter van die Romeinse godsdiens. Die houding wat die Romeine teenoor hulle gode aangeneem het, skyn vir hom die belangrikste aspek in die staatsinrigting te wees. Die ontsag vir Juppiter se wrekende mag is veral opvallend.⁵⁷

Die vroeë huisgodsdiens van die boerelewe het die fondament vir die Romeinse pietas met sy toewyding aan die familie en gode gelê.⁵⁸ Pius Aeneas se vroomheid blyk uit sy toegeneentheid teenoor sy vader, vrou en seun en teenoor die gode. „The piety of Aeneas consists in the absolute submission of his mind to the bidding of the gods”, beklemtoon Grenier die godsdienstige komponent van Aeneas se deugsamheid.⁵⁹ As vader Anchises die gode en Juppiter in gebed nader, beroep hy hom telkens op die vroomheid van sy mense. „Servate pios”, bid hy op een plek tot die gode.⁶⁰ „...si pietate meremur”, smek hy Juppiter elders om hulp.⁶¹

7. SLOT.

Skerpe waarneming van die hemel vermeerder die

56. De Lepper, op. cit., p.83-84.

57. Ibid.

58. Bailey, Phases, p. 106.

59. The Roman spirit, p. 310.

60. Aen. iii. 266.

61. Id., ii. 690.

mens se kennis van die gode, sê Cicero.⁶² Uit hierdie toegewyde kontemplasie, erken hy, word vroomheid gebore en daarmee gepaardgaande ook geregtigheid en die anderdeugde wat tot 'n gelukkige lewe lei, gelyk aan dié van die gode.⁶³ Geen ander god is so intensief waargeneem as die hemelgod nie. Sy animistiese karakter is die rede vir die besondere aandag wat hy geniet het. Bailey bied 'n treffende samevatting in die volgende woorde: „More and more he (Juppiter) emerges into a prominence above the other gods with a spiritual personality comparatively untouched by anthropomorphic representation and legend, and thus, as religious thought developed, it is round Juppiter that there gathers the first tendency to syncretism and monotheism.”⁶⁴

Juppiter was nie leeg en gebrekkig soos 'n mens, vol tekortkominge nie. Sy tallose geestelike eenskappe wat hy ook op sy aanbidders oorgedra het, is 'n bewys van die volheid van sy wese. In Juppiter het die Romeine die versekering van 'n „vita beata” gevind. In hom kon hulle lewens ontplooi en geestelik bloei. Hy het hulle in staat gestel om oor die swakhede van die menslike lewe te triomfeer, omdat hy self vanweë sy animistiese karakter ver bokant die beperkinge van die aardse lewe gestaan het.

62. D.N.D. ii. 61.

63. Ibid.:... e qua oritur pietas, cui coniuncta iustitia est reliquaeque virtutes, e quibus vita beata existit par et similis deorum...;cf. ook Seneca, De Beneficiis iv. 8 : Et iustitia, probitas, prudentia, fortitudo, frugalitas unius animi bona sunt.

64. Roman religion, in C.A.H., vol. viii, p. 422.

BIBLIOGRAFIE

PRIMÈRE BRONNE.

- Augustinus. De civitate dei. 22 boeke in 7 volumes. The Loeb Classical Library. Londen, William Heinemann, 1957-1972.
- Cicero. De natura deorum. 3 boeke, 3 vols. The Loeb Class. Library. Londen, Heinemann, 1956.
- In Catilinam. 4 boeke, 1 vol. The Loeb Class. Library. Londen, Heinemann, 1953.
- Ennius. In Remains of old Latin, vol. I. The Loeb Class. Library. Londen, Heinemann, 1956.
- Gellius, Aulus. Noctes Atticae. 3 boeke, 3 vols. The Loeb Class. Library. Londen, Heinemann, 1948-1954.
- Horatius. Carmina. Page. Londen, Macmillan, 1952.
- Livius. Ab urbe condita liber I. Gould and Whiteley. Londen, Macmillan, 1971.
- Ab urbe condita. 142 boeke, 14 vols. The Loeb Class. Library. Londen, Heinemann, 1951-1962.
- Ovidius. Fasti. 4 boeke, 1 vol. The Loeb Class. Library. Londen, Heinemann, 1959.
- Plautus. Amphitryon. The Loeb Class. Library. Londen, Heinemann, 1956.
- Captivi. Hallidie. Londen, Macmillan, 1950.
- Rudens. The Loeb Class. Library. Londen, Heinemann, 1956.
- Plinius. Naturalis historia. 37 boeke, 10 vols. The Loeb Class. Library. Londen, Heinemann, 1947-1962.

- Seneca Naturales quaestiones. 2 vols. The Loeb Class. Library. Londen, Heinemann, 1971-1972.
- De beneficiis. The Loeb. Class. Library. Londen, Heinemann, 1956.
- Suetonius. Divi Augusti vita. Adams. Londen, Macmillan, 1939.
- Divus Iulius. Butler & Cary. Oxford, Clarendon Press, 1927.
- Tacitus. De origine et situ Germanorum (Germania). Anderson. Oxford, Clarendon Press, 1958.
- Historiae. 16 boeke, 4 vols. The Loeb Class. Library. Londen, Heinemann, 1956.
- Varro. De lingua Latina. 2 vols. The Loeb Class. Library. Londen, Heinemann, 1951.
- Vergilius. Aeneis Boek I. Hunter. Londen, Bell, 1953.
- Aeneis Boek II. Gould & Whiteley. Londen, Macmillan, 1951.
- Aeneis Boek III. Moore. Londen, Bell, 1955.
- Aeneis Boek IV. Freeman. Oxford, Clarendon Press, 1947.
- Aeneis Boek V. Whiteley. Londen, Macmillan, 1955.
- Aeneis Boek VI. Fletcher. Oxford, Clarendon Press, 1951.
- Aeneis Boeke VII-XII. 1 vol. The Loeb Class. Library. Londen, Heinemann, 1954.
- Bucolica et Georgica. Page. Londen, Macmillan, 1954.

SEKONDÄRE BRONNE.

- Altheim, F. A history of Roman religion. London, Methuen, 1938.
- Aust, E. Die Religion der Römer. Munster i.W., Aschendorffschen Buchhandlung, 1899.
- Iuppiter. (In Roscher, W.H. Ausführliches Lexikon der griechischen und römischen Mythologie. Hildesheim, Olms Verlagsbuchhandlung, 1965. Band II.1.
- Bailey, C. Phases in the religion of ancient Rome. California, Univ. of California Press, 1932.
- Religion in Vergil. Oxford, Clarendon Press, 1935.
- Roman religion and the advent of philosophy. (In C.A.H. Vol. VIII. Cambridge, Univ. Press, 1954. p. 423-465.)
- The religion of ancient Rome. London, Thames & Hudson, 1960.
- Bloch, R. The origins of Rome. London, Thames & Hudson, 1960.
- Bone, R.G. Ancient history. New Jersey, Paterson, 1959.
- Carter, J.B. The religious life of ancient Rome. London, Constable, 1912.
- Cary, M. A history of Rome; down to the reign of Constantine. London, Macmillan, 1954.
- Cary M. e.a. The Oxford classical dictionary. Oxford, Clarendon Press, 1949.
- Cook, A.B. Zeus, a study in ancient religion. New York, Biblo & Tannen, 1964. 3 dle.
- De Lepper, J.L.M. De godsdienst der Romeinen. Roermond & Maaseik, J.J. Romen & Zonen, 1950.

- Duff, J.W. Ciceronian society. (In C.A.H. Vol. IX. Cambridge, Univ. Press, 1951. hfst. XIX.)
- Dumézil, G. Archaic Roman religion. Chicago, The Univ. of Chicago Press, 1970. 2 dle.
- Ferguson, J. The religions of the Roman empire. Londen, Thames & Hudson, 1970.
- Fowler, W.W. Roman ideas of deity in the last century before the christian era. Londen, Macmillan, 1914.
- Social life at Rome in the age of Cicero. Londen, Macmillan, 1929.
- The religious experience of the Roman people; from the earliest times to the age of Augustus. Londen, Macmillan, 1911.
- The Roman festivals of the period of the republic; an introduction to the study of the religion of the Romans. Londen, Macmillan, 1933.
- Frazer, sir J.G. The golden bough; a study in magic and religion. Londen, Macmillan, 1932.
- Granger, F. The worship of the Romans; viewed in relation to the Roman temperament. Londen, Methuen, 1895.
- Grant, F.C. Ancient Roman religion. New York, The Liberal Arts Press, 1957.
- Grenier, A. The Roman spirit in religion, thought and art. Londen, Kegan Paul, Trench & Trubner, 1926.
- Guerber, H.A. De mythen van Griekeland en Rome. Zurphen, W.J. Thieme, 1941.
- Hadas, M. Imperial Rome. Amsterdam, Time Life International, 1965.
- Halliday, W.R. Lectures on the history of Roman religion from Numa to Augustus. Liverpool, Univ. Press, 1922.

- Hammond, N.G.L. & Scullard, H.H. The Oxford classical dictionary. Oxford, Clarendon Press, 1970.
- Harvey, P. The Oxford companion to classical literature. Oxford, Clarendon Press, 1937.
- Hus, A. Greek and Roman religion. New York, Henri Daniel-Rops Hawthorn Books, 1962.
- Kerenyi, C. The religion of the Greeks and Romans. Londen, Thames & Hudson, 1962.
- Koch, C. Der Römische Juppiter. Darmstadt, Wissenschaftliche Buchgesellschaft, 1968.
- Latte, K. Die Religion der Römer und der Synkretismus der Kaiserzeit. Tübingen, J.C.B. Mohr, 1927.
Römische Religionsgeschichte. München, C.H. Beck, 1960.
- Leopold, H.M.R. De ontwikkeling van het heidentom in Rome. Rotterdam, W.L. & J. Brusse, 1918.
- Morus, R.L. Der ewige Zeus; Geist und Glaube der Griechen in der Geschichte. Hamburg, Kowohlt Verlag, 1955.
- Nock, A.D. Religious developments from the close of the republic to the death of Nero. (In C.A.H. Vol. X. Cambridge, Univ. Press, 1952. hfst. XV.)
- Ogilvie, R.M. The Romans and their gods (in the age of Augustus). Londen, Chatto & Windus, 1969.
- Pauly-Wissowa Paulys Real-Encyclopädie der klassischen Altertumswissenschaft. Stuttgart, J.B. Metzler, 1917. (In band 19.)
- Perowne, S. Roman mythology. Londen, The Hamlyn Publishing Group, 1969.

- Postma, F. De numine divina quid senserit Vergilius. Amsterdam, H.A. van Bottenburg, 1914.
- Rose, H.J. Ancient Roman religion. Londen, Hutchinson's Univ. Library, 1948.
- Scullard, H.H. The Etruscan cities and Rome. Londen, Thames & Hudson, 1967.
- Seyffert, O. A dictionary of classical antiquities, mythology, religion, literature and art. Londen, Swan Sonnenschein, 1899.
- Smith, W. A dictionary of Greek and Roman antiquities. Londen, Taylor & Walton, 1842.
- Smith, W. Dictionary of Greek and Roman biography and mythology. Londen, Walton & Maberley, 1865. Vol. II.
- Taylor, Lily R. The divinity of the Roman emperor. Middletown, Connecticut, American philological Ass., 1931.
- Wagenfoort, H. Imperium; studiën over het „mana“-begrip in zede en taal der Romeinen. Amsterdam, H.J. Paris, 1941.
- Wissowa, G. Religion und Kultus der Römer. München, C.H. Beck'sche Verlagsbuchhandlung, 1902.